# Vroeë adolessente se persepsies van hulle primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap in 'n hoë-risiko omgewing

**L Cronje**

**23309253**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister Artium* in Psigologie aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr I van Schalkwyk

Maand en jaar van indiening (sagteband) November 2013

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

## ERKENNINGS

Ek wil graag my opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies betuig:

- Dr van Schalkwyk vir haar hulp, aanmoediging, geduld, kundige leiding en volgehoue ondersteuning tydens hierdie studie.
- Mnr Malgarte , die skoolhoof van die skool. Baie dankie vir die geleentheid wat u my gebied het en ook vir die beskikbaar making van tyd. Dankie dat u bereid was om tydens die skool-ure my toegelaat het om my navorsing te doen.
- Mev April, baie dankie vir al die hulp met die administratiewe sake by die skool. Ek waardeer dit.
- Kaptein Wilson van die SAPD, Delft. Baie dankie vir die ryke inligting oor Delft gemeenskap.
- Aan elke deelnemer betrokke by die skool, baie dankie dat julle bereid was om julle “storie” met my te deel. Julle inligting was baie waardevol.
- Me Roos vir die bekwame taalkundige versorging
- Elizabeth, baie dankie vir jou moeite met die transkribering van my data.
- Jana Loock. Baie dankie vir die formatering en uitleg van MS Word. Baie dankie dat jy op die laaste oomblik bereid was om te help.
- Dankie vir al my vriende en familie vir julle bemoedigende woorde en ondersteuning en al julle gebede.
- My ouers, Sandra en Tersuis Cronje vir al die geleenthede wat julle my gegee het om te kon kom waar ek vandag is. Ek is baie lief vir julle en waardeer julle hulp, bystand en gebede.
- My liefste man, Jako. Baie dankie vir al jou geduld, hulp met vertalings, geduld met my “moods”, die aandra van koffie en lekker goed, en al jou ondersteuning, bemoediging, aanmoediging en gebede. Ek sou dit nie sonder jou kon doen nie. Ek is baie lief vir jou.
- Ons Hemelse Vader vir die verstandelike vermoë en die passie om met jong mense te werk.

# BRIEF VAN TOESTEMMING

Die kandidaat het gekies om die artikelformaat te gebruik onder leiding van haar studie-leier. Ek, die studie-leier, verklaar dat die studie en insette van Leandra Cronjé weergegee word in die navorsingsartikel. Hiermee gee ek toestemming dat sy die artikel kan gebruik vir eksamendoeleindes om te voldoen aan die vereistes vir die *Magister in Sielkunde*.

Dr. Izanette van Schalkwyk

Studie-leier

## TAALVERSORGER

Deirdré Roos verwerf in 1991 die BA-graad in Tale en in 1992 'n BA (Hons) in Toegepaste Linguistiek met spesialisering in Vertaling aan die Randse Afrikaanse Universiteit (nou Universiteit van Johannesburg).

Sy werk al bietjie meer as agtien jaar as taalpraktisyn, eers voltyds vir die Nasionale Taaldiens (Nasionale Departement van Kuns en Kultuur) in Pretoria en later as vryskutvertaler en -taalversorger in die Wes-Kaap. In 2009 behaal sy die MPhil in Vertaling aan die Universiteit Stellenbosch.

In haar vryskutloopbaan doen sy meestal werk vir opvoedkundige uitgewers, taaldienste van universiteite sowel as akademici en studente van verskeie universiteite. Sy is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (Lidnommer 1001439).


## VOORWOORD

Die verhandeling word aangebied in artikelformaat soos uiteengesit in die riglyne van Die Handleiding vir nagraadse studies, 2010 van Noordwes Universiteit. Die tegniese versorging is gedoen volgens die vereistes in hoofstuk twee van die Handleiding. Die APA-verwysingstyl is gebruik in Afdelings A en C; Afdeling B is die Harvard verwysingstelsel gebruik volgens die vereistes van Koers (navorsingsjoernaal).

Die artikel sal voorgelê word aan Koers. Die riglyne vir die voorlegging aan die joernaal is gevoeg by Afdeling B. Aangeheg is ook ‘n getekende brief van die mede-skrywer (studie-leier) vir die gebruik van die artikel vir die doeleindes van die MA graad.

**VERKLARING**

**Hiermee verklaar ek, die ondergetekende dat die werk soos in hierdie verhandeling vervat, wel my eie oorspronklike werk is, en dat ek nie hierdie studie in die geheel of gedeeltelik tevore aan ‘n universiteit vir graaddoeleindes voorgelê het nie.**



**HANDTEKENING**

14\11\2013

**DATUM**

**Student nommer:** 23309253

# OPSOMMING

## VROEË ADOLESSENTE SE PERSEPSIES VAN HULLE PRIMêRE VERSORGERS SE BETROKKENHEID BY DIE SKOOLGEMEENSKAP IN 'N HOË-RISIKO GEMEENSKAP

**Sleutelwoorde:** Vroeë adolessente, primêre versorgers, skoolgemeenskap, hoë-risiko omgewing, Positiewe Sielkund, en welstand

Hierdie navorsing behels die verkenning van die potensiaal asook die probleme van vroeë adolessente se verhoudings binne die konteks van skool-en-huis in 'n hoë-risiko Suid-Afrikaanse gemeenskap. Alhoewel navorsers meld dat skoolprestasie en akademiese sukses van deurslaggewende belang is om positiewe jeug-ontwikkeling te bewerk (You & Nguen, 2011), is vele Suid-Afrikaanse adolessente egter steeds deel van die hoë voorkoms van herhaal-en-uitvalstatistiek in die land (Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, 2011). Hierdie studie belig een van die faktore vir skoolsukses, naamlik primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap. Daar is 'n behoefte om vroeë adolessente se persepsies van hulle primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap te verken binne die konteks van 'n hoë-risiko Suid-Afrikaanse gemeenskap, aangesien navorsing binne Positiewe Sielkunde ook gerig is op die identifisering van daardie buffers wat welstand en veerkragtige optrede bevorder.

Hierdie studie het die kwalitatiewe metode gebruik en die resultate is weergegee in 'n artikelformaat as deel van die verhandeling. Die doelstelling van die artikel was om vroeë adolessente se persepsies van hulle primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap in 'n hoë-risiko gemeenskap te verken. Deelnemers (N=12) tussen die ouderdomme twaalf tot veertien jare van een betrokke skool in die Delftgemeenskap, Kaapse Skier-eiland is gekies op onpartydige wyse. Die Delftgemeenskap is een van twintig ge-identifiseerde hoë-risiko gemeenskappe in Suid-Afrika. Demografiese inligting toon dat die meeste deelnemers aan die studie se primêre versorgers nie hul biologiese ouers is nie. Die kwalitatiewe bevindings toon dat vroeë adolessente hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap in 'n hoë-risiko gemeenskap beleef op die volgende maniere: Die algemene versorging soos die voorsiening van kos, klere en 'n huis is van beslissende belang vir die vroeë adolessente se skool-opleiding; die emosionele aard van die ouerbetrokkenheid is hoofsaaklik negatief, aangesien skoolbesoek die hantering van probleme behels, of die voorkoming van verdere probleemkwessies; die vroeë adolessente se verstaan van skoolsukses stem grootliks ooreen met dié van hul versorgers en word bloot gesien in terme van druip of slaag; en, vroeë adolessente se skoolloopbaan en primêre versorgers se betrokkenheid binne die konteks van die hoë-risiko gemeenskap behels bepaalde belewings soos die blootstelling aan voortdurende armoede met vele implikasies soos die belewing van

hongersnood en stap na die skoolgebou te midde van uiters onveilige toestande, asook bende-geweld, misdaad, en substansie-misbruik.

Die studie het aangedui dat naas die uitdagings wat gekoppel word aan die adolessente-leeffase, vroeë adolessente met vele ander probleemkwessies te make het in ‘n hoë-risiko gemeenskap. Hierdie kwessies dui grootliks op probleme gerig op oorlewing, en dit is duidelik dat hierdie oorlewingskwessies welstand en die uitbouing van welstand erg kan strem. Gebrekkige betrokkenheid van die primêre versorgers by die skoolgemeenskap is een van die werklikhede wat vroeë adolessente in ‘n hoë-risiko omgewing moet hanteer, en hierdie gebrekkige betrokkenheid dui op die voorsiening van leefmiddele asook persoonlike belangstelling en aanmoediging. Verder is die belewing van negatiewe emosies soos vrees algemeen, en hierdie “bangheid” dui op adolessente se vrees vir persoonlike asook hul vriende en familie se veiligheid. Die deelnemers aan hierdie studie is al almal op ‘n direkte en/of indirekte manier geraak deur die trauma van bendegeweld en die vroegtydige dood van ‘n familie-lid. Te midde van hierdie uitdagings waarmee hierdie deelnemers worstel, is die primêre versorgers ykans onbetrokke in hierdie brose adolessente se lewens. Die primêre versorgers besoek slegs die skoolgemeenskap wanneer hulle ontbied word om “moeilikheid” te hanteer. Die primêre versorgers heg hoofsaaklik ‘n negatiewe konnotasie aan skoolbetrokkenheid.

Die geringe voorkoms van positiewe emosies soos primêre versorgers wat troos bied omdat die vroeë adolessente teleurstelling beleef het, is wel deel van die deelnemers se belewing. Die primêre versorgers se aktiewe hulpverlening by die vroeë adolessente se skooltake kom min voor, en is grootliks gerig op die voorkoming van die verdere herhaling van ‘n skoolgraad. Die bywoning van ‘n familie-lid (uitgebreide famalie) met skoolvergaderings het groot waarde vir die vroeë adolessente en die belewing van familie is ‘n beskermende faktor vir die jonges se welstand.

Hierdie studie lewer ‘n belangrike bydra tot die Positiewe Sielkunde, aangesien waardevolle inligting verkry is sodat vroeë adolessente se welstand binne konteks verstaan kan word. Die spesifieke beskrywing van vroeë adolessente se verstaan van primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap bied beskrywings van probleme en potensiaal wat ontgin kan word vir skool-en-leefsukses. Bevindings het implikasies vir beleide rakende welstandsbevordering. En, aanbevelings vir toekomstige navorsing is gegee. Moontlikhede vir toepassing dui op die ekologiese aanpak sodat die uitbouing van welstand bevorder kan word word deur verskeie vennote soos primêre versorgers, skoolgemeenskappe, geloofsgemeenskappe, NRO’s, en universiteite.

**SUMMARY**

**EARLY ADOLESCENTS' PERCEPTIONS OF THE INVOLVEMENT OF THEIR PRIMARY CARE GIVERS IN THE SCHOOL COMMUNITY IN A HIGH-RISK COMMUNITY.**

**Keywords:** Early adolescents, primary caregivers, school community, high-risk community, Positiver Psyhology, and well-being

This research involves the exploration of the potential, as well as the problems, of early adolescents' relationships in the context of the school-and-home in a high-risk community in South Africa. Although researchers indicate that school performance and academic success is of key importance concerning positive youth development (You & Nguen, 2011), many South African adolescents are still part of the high incidence of repeating greades and drop-out statictics in this country (Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, 2011). This study highlights one of the factors for school success, namely, the involvement of primary care givers in the school community. There is a need to explore adolescents' perceptions of their primary care givers' involvement in the school community, within the context of a high-risk South African community, since research within Positive Psychology also explores those resources which promote well-being and resilient coping.

This study made use of the qualitative method and the results have been presented in an article format, as part of the dissertation. The aim of the article was to explore early adolescents' perceptions of their primary care-givers' involvement in the school community in a high-risk community. Participants (N=12) between the ages of twelve to fourteen years, from one school in the Delft Community, Cape Peninsula, were chosen in an un-biased fashion. The Delft community is one of the twenty identified high-risk communities in South Africa. Demographic information shows that the majority of the participants' care-givers are not the biological parents. The findings indicate that early adolescents percieve their primary caregivers' involvement in the school community, in a high-risk community, in the following ways: The meeting of basic needs, such as the provision of food, clothing and a home is essential for the adolescent's school career; the emotional colour of the involvement of care givers is mostly negative, since school visitations involve the handling of problems, or the prevention of further problems; the early adolescent's understanding of school success greatly matches that of his/her primary care- givers and is seen mostly in terms of either "pass" or "fail"; and early adolescents' school careers and primary care-givers' involvement within the context of a high-risk community involve experiences such as the exposure to continued poverty with various implications such as hunger, walking to school in an unsafe environment, as well as gang-violence, crime and substance abuse.

This study shows that, besides the challenges that are associated with the adolescent life-phase, early adolescents also have to deal with various other problems that emanate from a high-risk community. These problems are generally matters of survival, and it is clear that these risks further strain well-being and the development thereof. Poor involvement of primary caregivers in the school community is one of the realities which early adolescents in a high-risk community have to deal with, and this poor involvement is indicative of not providing life essentials, as well as personal interest and encouragement. It is further the experience of negative emotions, such as fear in general and the "scared-ness" indicates adolescents' fear for their own safety, as well as that of their friends and family. The participants in this study have all been affected directly and/or indirectly by the trauma of gang violence and the untimely death of a family member. In the midst of these challenges, the primary caregivers are mostly uninvolved in these vulnerable adolescents' lives. Primary care-givers visit the school community mainly when they are summoned to handle "problems". Primary care-givers generally have a negative association with the school community. The less negative experience of emotions indicates the absence of serious problems, such as the not-completion of school work. The scarce occurrence of positive emotions, such as primary care-givers that show compassion with early adolescents when they experience disappointment, is actually part of the participants' experiences. The primary care- givers' active helping with the early adolescents' school tasks is uncommon and it is mostly focused on the prevention of the repetition of school grades. The presence of a family member (extended family) with school meetings has great value for the early adolescents' perception of family as a protective factor for the well-being of the young person.

This study presents an important contribution to Positive Psychology, as valuable information is presented to understand the early adolescent's well-being and the context thereof. The specific descriptions of early adolescents' perceptions of the involvement of their primary care-givers in the school community provide a description of the potential which can be unlocked in school-and-life choices. Findings have implications for policies regarding the promotion of well-being. Recommendations for further study are given. Possibilities for application includes the importance of the ecological impact and of partnerships, so that problems and the development of well-being can be addressed by primary care givers, school communities, faith communities, NGOs and universities.

## INHOUDSOPGAWE

**ERKENNINGS**

**BRIEF VAN TOESTEMMING**

**TAALVERSORGER**

**VOORWOORD**

**OPSOMMING**

**SUMMARY**

**AFDELING A** ..... **1**

1. Inleiding ..... 1
2. Positiewe Sielkunde as teoretiese raamwerk ..... 1
3. Probleemstelling en literatuuroorsig ..... 2
   - 3.1 Probleemstelling ..... 2
4. Redes vir navorsing ..... 6
5. Navorsingsdoelstelling ..... 7
6. Sentrale teoretiese stelling ..... 8
7. Belangrike konsepte en definisies ..... 8
   - 7.1 Welstand (“Well-being”) ..... 8
   - 7.2 Kategorieë van welstand ..... 9
   - 7.3 Dimensies van welstand ..... 9
   - 7.4 Die rol van emosies ..... 10
   - 7.5 Bedreigings vir fleur ..... 11
8. Adolessente-lewensfase ..... 12
9. Die skoolgemeenskap ..... 13
10. Bronfenbrenner se ekologiese model ..... 13
11. Ouerbetrokkenheid ..... 14
12. Suid-Afrikaanse wetgewing en “ouers” ..... 14
13. Metodologie ..... 15
    - 13.1 Deelnemers ..... 15

14. Data-insameling ..... 16
15. Data-analise ..... 17
16. Prosedure ..... 18
17. Etiese implikasies vir deelnemers binne die gemeenskap ..... 18
Verwysings ..... 20

**AFDELING B ..... 34**

1. Redes vir die navorsing ..... 36
2. Metode en prosedure ..... 38
    2.1 Deelnemers ..... 38
3. Etiese vereistes en prosedure ..... 39
4. Bevindings en bespreking ..... 40
5. Trooswoorde ..... 42
6. Gebrek aan emosionele ondersteuning ..... 42
7. Bespreking van die temas ..... 45
8. Bespreking van bevindings ..... 47
9. Verwysings ..... 48

**AFDELING C ..... 51**

1. Evaluering van die navorsing ..... 51
2. Bevindings ..... 51
3. Beperkings van die studie ..... 53
4. Aanbevelings ..... 54
5. Aanbevelings vir skole ..... 54
6. Aanbevelings vir primêre versorgers ..... 54
7. Aanbevelings vir geloofsgemeenskappe ..... 55
8. Aanbevelings vir nie-regeringsorganisasies (NRO's) ..... 55
9. Aanbevelings vir universiteite (Gemeenskapsbetrokkenheid) ..... 56
10. Gevolgtrekkings ..... 56
11. Verwysings ..... 59

**BYLAAG A: TABEL 1 (DEELNEMERS) ..... 60**

**BYLAAG B: TABEL 2 (BESKRYWING VAN TEMAS) ........................................................... 62**

**BYLAAG C: VOORBEELDE VAN COLLAGES........................................................................ 64**

**BYLAAG D: ETIESE ASPEKTE (TOESTEMMING BRIEWE) ................................................ 66**

**AFDELING A**

VROËE ADOLESSENTE SE PERSEPSIES VAN HUL PRIMÊRE VERSORGERS SE BETROKKENHEID BY DIE SKOOLGEMEENSKAP IN ’N HOË-RISIKO OMGEWING

## 1. Inleiding

Die fokus van hierdie navorsing is vroeë adolessente se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap. Hierdie fokus behels die verkenning van die probleme van vroeë adolessente se verhoudings binne die konteks van skool en huis in ’n hoë-risiko Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die navorsing is binne die denkraamwerk van die Positiewe Sielkunde gedoen, aangesien die studie op positiewe jeugontwikkeling en -gesondheid gemik is. Die kwalitatiewe metode en fenomenologiese strategieë is gebruik as die mees gepaste ontwerp, aangesien dit ’n verkennende studie is. Die uiteensetting van hierdie deel van die hoofstuk behels die volgende: i) die teoretiese raamwerk van die studie; ii) probleemstelling en motivering vir die studie; iii) navorsingsdoelstelling; iv) belangrike konsepte; v) metodologie; en vi) samevatting.

## 2. Positiewe Sielkunde as teoretiese raamwerk

Hierdie studie is gedoen binne die raamwerk van die Positiewe Sielkunde. Positiewe Sielkunde is die opwindende en dinamiese nuwe subdissipline binne Psigologie as ’n wetenskap. Een van die eerste beskrywings van hierdie nuwe navorsingsgebied is gegee deur Seligman (2005) wat Positiewe Sielkunde beskryf as die wetenskaplike studie wat gerig is op optimale menslike funksionering; om daardie faktore te ontdek en te bevorder wat individue en gemeenskappe laat floreer. Sheldon en King (2001) definieer Positiewe Sielkunde as die wetenskaplike studie wat gemik is op die uitbouing van die sterktes en vermoëns van gewone mense. Die lens is ook gerig op die ondersoek van daardie prosesse en bronne wat mense in staat stel om, ten spyte van veelvuldige probleme, tog met waardigheid en doelgerigtheid te leef. Seligman en Csikszentmihalyi (2000) beklemtoon dat Sielkunde nie net die studie van patologie, swakhede en skade behels nie, maar ook die studie van karaktersterktes en welstand wat die ontwikkelling van positiewe kwaliteite wil bevorder. Keyes (2005) meld dat daar onderskei moet word tussen die teenwoordigheid van siektetoestande of versteurings (“ill-being”), die afwesigheid van siektetoestande of die teenwoordigheid van lae vlakke van algehele welstand (“languishing”), en die teenwoordigheid van algehele welstand (“well-being”) en die hoë vlakke van welstand (“flourishing”). Volgens Van Schalkwyk en Wissing (2010) lei die meeste Suid-Afrikaanse adolessente nie aan verstandelike of kognitiewe afwykings nie en is die meeste nie klinies depressief nie, maar bykans almal wil graag gelukkig wees, goeie vriende hê en vervulde lewens ervaar. Van Schalkwyk en Wissing (2013) noem die volgende as voorbeelde van tipiese aanduiders van die teenwoordigheid van lae vlakke van algehele

welstand vir adolessente, naamlik die belewing van doellose bestaan en betekenisloosheid, soos adolessente wat nie hul skoolloopbaan voltooi nie en swak verhoudings met hul primêre versorgers beleef; identifisering met disfunksionele andere, soos bendelede of dwelmsmouse; negatiewe emosies soos woede of frustrasie en die belewing van hulpeloosheid. Die kenmerkende aanduiders van fleur ("flourishing") as hoë vlakke van algehele welstand is die volgende: doelgerigte lewe en die suksesvole bereiking van doelwitte en leefdrome; positiewe verhoudings, soos sterk gesinsbande, ondersteunende vriende, die belewings van 'n liefdevolle verhouding met God; gesonde rolmodelle; gesonde selfagting; effektiewe hanteringsmeganismes en die belewing van positiewe emosies soos blydskap en hoop. Verder meld Temane, Wissing en Coetzee (2010) dat individue en gemeenskappe se volhoubare welstand uitgebou kan word deur te let op die positiewe kwaliteite en sterktes van individue, gesinne en families, asook gemeenskappe.

## 3. Probleemstelling en literatuuroorsig

### 3.1 Probleemstelling

Die deurslaggewende rol van skoolopvoeding as belangrike middel tot doelbereiking en persoonlike aktualisering word deur vele navorsers beklemtoon (Maslow, 1968; Melhuish Sammons, Siraj-Blatchford, & Taggart, 2001). Suksesvolle skoolopvoeding dui egter op méér as die ontwikkeling van intellektuele vaardighede soos eksamens wat suksesvol afgelê is, dit behels ook

(i) goeie funksionering, soos die nodige gesondheid en middele om dit in stand te hou, soos kos en klere, (geld vir skoolfondse);

(ii) die vermoë om goeie planne te maak as persoonlike doelwitte verhinder word, wat dui op gesonde selfdoeltreffendheid en selfregulering (psigologiese welstand);

(iii) die bou van veerkragtigheid ("resilience"), daardie taaiheid om moeilikhede soos voortdurende armoede, probleme te make met familielede se substansie-afhanklikheid en daaglikse uitdagings, soos die gebruik van openbare vervoer (indien die geld beskikbaar is) te oorkom;

(iv) en positiewe verhoudings en die ontwikkeling, beskerming en bevordering van verhoudingskapitaal, soos gesonde verhoudings leerder-tot-leerder, leerder-tot-opvoeder, asook leerder-tot-ouer(s) (Felner, 2006; Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, 2011). Dit is duidelik dat skoolsukses vele belangrike faktore insluit.

Honderde studies toon die belangrike rol van primêre versorgers om skoolprestasie en die optimale ontwikkeling van jeugdiges te bevorder (Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, 2011; Reschley & Christenson, 2009; You & Nguyen, 2011). Die beslissende rol van verhoudings, veral die verbintenisse of konneksies tussen die primêre sosialiseringskontekste, naamlik die huis-en-skoolomgewings word genoem as essensiële vennote om jonges se welstand en bevoegdhede optimaal te ontwikkel (Van Schalkwyk & Wissing, 2010). Gesonde verhoudings is van deurslaggewende belang vir persoonlike welstand (Keyes, 2006; Nelson & Prilleltensky, 2010; Kitching, Roos & Ferreira, 2012; Ryff & Singer, 1996). Verhoudings kan beskryf word as daardie interpersoonlike konneksies tussen mense wat 'n integrale deel is van gesonde menslike ontwikkeling (Kitching, Roos & Ferreira 2012). Verhoudings is altyd deel van 'n sekere konteks en hierdie kontekstuele kwessies kan bemagtigend of ontmagtigend van aard wees (Chigeza & Roos, 2011).

Fourie (2013) meld dat gebrekkige betrokkenheid van primêre versorgers by hul kinders reeds op graad R-vlak een van die stremmende kwessies is vir die ontginning van menslike potensiaal. Fourie (2013) dui aan dat hierdie min belangstelling of onvermoë tot gesonde interaksie met die skoolomgewing op die volgende maniere kan manifesteer: Die leerders is dikwels laat vir skool of die leerders is verskeie dae afwesig, primêre versorgers kommunikeer selde of nooit met die opvoeders nie en dit beteken dat die primêre versorgers nie hul kinders ondersteun rakende hul skoolwerk nie. Die belangrike implikasie van die bevindings dui op die volgende: Eerstens, indien primêre versorgers reeds op graad R-vlak nie 'n gesonde betrokkenheid toon by hul kinders se skoolaktiwiteite nie, is daar 'n groot moontlikheid dat hulle met hierdie gedrag sal volhou. Tweedens, wanneer kinders nie blootgestel word aan gesonde ouer-skoolomgewing-interaksie nie, bestaan daar 'n groter moontlikheid dat hulle aangeleerde hulpeloosheid sal beleef rakende hul ouers/primêre versorgers se onbetrokkenheid by die skoolomgewing en die gebrekkige betrokkenheid willoos sal aanvaar as normale gedrag. Derdens, dit kan daartoe lei dat die kinders tydens hul ganse skoolloopbaan slegs gebrek aan ondersteuning van hul ouers beleef en dat hulle uiteindelik as volwassenes hierdie negatiewe gedragspatrone sal naboots en voortsit (Louw, Van Ede & Ferns, 1998).

Brooks (2006) meld dat kinders en vroeë adolessente smag na die aandag van hul ouers en een van die voortdurende maniere wat primêre versorgers hierdie hegte bande kan bou, is die gee van positiewe terugvoering ten opsigte van skoolsukses of bemoediging rakende skoolprobleme. Hy beklemtoon dat die daaglikse betrokkenheid van die ouers by die kind of vroeë adolessent se skoolaktiwiteite 'n gulde geleentheid bied om die liefdesband tussen primêre versorger(s) en hul kinders

te versterk en dat gereelde aansporing en ondersteuning kragtige toerusting bied sodat dit die kanse verminder dat jonges negatiewe gedrag, soos substansiegebruik en eetversteurings, sal toon. Dit is belangrike inligting, aangesien hierdie klein insette van ouers – waartoe alle primêre versorgers in staat is, ongeag sosio-ekonomiese status op die lang termyn 'n ryke en grootse belegging kan bied. Brooks (2006) stel dit onomwonde dat die kwaliteit van die daaglikse ouer-kind-verhouding van deurslaggewende belang kan wees in die gedrag en ontwikkeling van vroeë adolessente. Hierdie daaglikse betrokkenheid van die primêre versorger by hul kind(ers) kan die onderstaande normale en gewone aktiwiteite insluit: i) die kind se skoolsukses, ii) die ontwikkeling van bevredigende portuurgroep vriendskappe en iii) die oorkoming van ontwikkelingskrisisse of gedragsprobleme (You & Nguyen, 2011).

Van Schalkwyk & Wissing (2013) beklemtoon spesifiek sosiale steun as 'n beskermende faktor rakende optimale ontwikkeling en welstand. Hierdie ondersteuningsaard van positiewe verhoudings kan beskryf word as die daaglikse versorging wat primêre versorgers aan hul kinders bied, asook voortdurende liefdevolle betrokkenheid van die ouers by hul kinders en hul skoolaktiwiteite (Van Schalkwyk & Wissing, 2010). Volgens Stewart & Sun (2004) bevorder belewings van positiewe verhoudings vroeë adolessente se geestes- en fisieke gesondheid. Ook Suid-Afrikaanse navorsing wat kultuurverskille in ag neem, toon dat positiewe verhoudings tussen primêre versorgers en adolessente verband hou met wedersydse respek, effektiewe kommunikasie en gesonde ondersteuning (Govender & Killian, 2001; Van Schalkwyk & Wissing, 2010). Clarke en McLaughlin (2010) beklemtoon dat primêre versorgers se volgehoue ondersteuning van groot belang is vir hul kinders se motivering met betrekking tot skoolbywoning en verbeterde skoolervarings. Dit is duidelik dat wanneer vroeë adolessente die gesonde ondersteuning van primêre versorgers beleef, dit die vorming van positiewe netwerke asook goeie funksionering behels. Studies toon dat goeie funksionering ook gekenmerk word deur positiewe emosies soos liefde, blydskap en hoop, wat weer kan lei tot toenemende opwaartse spirale van meer hegte verhoudings en verbeterde prestasie (Fredrickson, 2013). Hierdie positiewe netwerke gee weer aanleiding tot meer persoonlike krag om risikogedrag soos tienerafwykings, substansiegebruik en gesondheidsprobleme te weerstaan (Stewart & Sun, 2004).

Flouri (2004) dui aan dat die ouer-kind-verhouding tydens adolessensie nie net 'n sterk empiriese aanduider van welstand tydens adolessensie is nie, maar ook in volwassenheid. Hierdie longitudinale studie verwys spesifiek na die rol van ondersteuning wat die jonge beleef van die ouer of primêre versorger(s). Verder het studies getoon dat jeugdiges wat aan risikofaktore blootgestel is, die ondersteuning

van primêre versorgers sterker assosieer met welstand as selfs die verbintenisse met portuurgroepe en omgewingstoestande (Suldo, 2009). Binne die Suid-Afrikaanse konteks kan hierdie risikofaktore en ontmagtigende omgewingstoestande ("environmental pathologies") die volgende behels: krotwoonbuurte, hoë voorkoms van werkloosheid, bendes asook bendegeweld, huisgeweld, tienerswangerskappe, substansiemisbruik en -afhanklikheid, hoë voorkoms van misdaad soos diefstal en moord, geweld in skole, asook die hoë voorkoms van ongeletterdheid (Delft Health Centre,2012).

Vroeë adolessente se slegte verhoudings met primêre versorgers het negatiewe gevolge ten opsigte van algehele welstand, skoolprestasie en funksionering (Van Schalkwyk & Wissing, 2010; Keyes, 2009). Hierdie gebrekkige ouerbetrokkenheid strem ook die dinamiese invloed van die verhoudings tussen die primêre versorgers en die skoolgemeenskap (Reschley & Christenson, 2009). Studies wat handel oor onderpresterende skole in die Wes-Kaap, Suid-Afrika, toon dat verskeie leerders gebrekkige ondersteuning van hul primêre versorgers beleef met betrekking tot die leerervaring en skoolprestasie (Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, 2011). Daar word genoem dat lae vlakke van skoolopleiding, soos primêre versorgers wat ongeletterd is of net oor primêre skoolgrade beskik, bydra tot die probleem (Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, 2011). Hierdie ongeskooldheid dui op 'n moontlike faktor wat kan bydra tot gebrekkige ondersteuning, aangesien die primêre versorgers nie die waarde van skoolopvoeding hoog ag nie – nie vir hulleself nie en ook nie vir hulle kinders of pleegkinders nie (Malgarte, persoonlike onderhoud,13 Junie 2013). Dit beteken dat die passiewe of destruktiewe betrokkenheid van primêre versorgers 'n reuse uitdaging is waarmee swak presterende skole te make het. Ook Kitching, Roos en Ferreira (2012) meld dat stremmende verhoudingspatrone gekenmerk word deur wedersydse frustrasies en wantroue tussen die skool-en huisgemeenskap. Hierdie gebrekkige verhoudings is 'n bydraende faktor tot leerders se volgehoue swak skoolervarings, swak skoolbywoning en hoë herhaalsyfers (Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, 2011). Dit beteken dat jeugdiges se skoolprestasie en uiteindelike werksukses ernstig benadeel kan word. Dit het belangrike implikasies vir welstand en gesonde ontwikkeling, aangesien optimale ontwikkeling en welstand juis aangedui word deur fasette soos positiewe verhoudings en doelbereiking (Keyes, 2005; Seligman, 2011).

Verdere risikofaktore wat belig moet word, is die uitdagings samehangend met die adolessente lewensfase. Theron en Dalzell (2006) beskryf adolessensie as een van die mees gekompliseerde leeffases. Dit word gekenmerk deur die geleidelike biologiese, fisiese, kognitiewe, emosionele sowel as psigo-sosiale veranderinge wat die oorgang van kind na volwassene kenmerk. Die veranderinge kan gepaardgaan met

geweldige disstres, veral as adolessente nie gesonde verhoudings met en die ondersteuning van hul primêre versorgers beleef nie. Ook Suldo (2009) meld dat ouer-kind-konflik hoër is tydens adolessensie as tydens die kindertydperk. Dit beteken dat indien die normale krisisse van dié leeffase nie deur gesonde verhoudings begelei word nie, daar 'n groter moontlikheid vir risikogedrag is. Risikogedrag is 'n belangrike gesondheidskwessie in Suid-Afrika (Flisher et al., 2007).

Dit blyk dat verskeie faktore in ag geneem moet word met die oog op vroeë adolessente se welstand, optimale ontwikkeling en skoolprestasie. Een van die belangrike kwessies is die huis-en-skoolvennootskap, aangesien leerders se leef- en skoolsukses afhanklik is van die ondersteuning van hierdie primêre kontekste (Suldo, 2009). Dit blyk dat die betrokkenheid van primêre versorgers 'n beduidende impak het op adolessente se akademiese vordering en dat hierdie gesonde interaksie kan bydra tot positiewe en realistiese toekomsbeplanning (Louw, Bayat & Eigelaar-Meets-Meets 2011). Vervolgens sal die nodige redes gegee word vir die huidige navorsing.

## 4. Redes vir navorsing

Die insette van primêre versorgers, ongeag sosio-ekonomiese stratifikasie, is van beslissende belang vir hul kinders en bied 'n ryke belegging in die huidige en toekomstige welstand van adolessente (Brooks, 2006). Die volgende redes onderstreep die noodsaak van hierdie studie, naamlik om vroeë adolessente se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap binne 'n hoë-risiko omgewing te verken:

Eerstens, alhoewel daar reeds verskeie studies gedoen is oor ouerbetrokkenheid en akademiese skoolprestasie gedurende die vroeë kinderfase asook ouerbetrokkenheid en spesiale onderrig vir byvoorbeeld gestremde kinders (Botha, 2007), is die huis-en-skoolvennootskap in hoë-risiko Suid-Afrikaanse omgewings nog nie genoegsaam verken nie.

Tweedens. dit is duidelik dat suksesvolle skoolopleiding belangrik is vir langtermyndoelwitte, soos die individu wat toegerus word vir die arbeidsmark, wat dui op persoonlike aktualisering en ook die moontlikheid om vir self en ander te sorg (Maslow, 1968). In die taal van die positiewe raamwerk van Sielkunde impliseer persoonlike welstand ook die ontginning of aktivering van daardie gesonde persoonlike krag om as individu hoër vlakke van algehele welstand te beleef soos gerig deur fleur (Seligman, 2011). Hierdie ontwikkelde en versterkte kapasiteit kan ook dui op verbeterde gesondheid en welstand asook kragtiger ondersteuning aan ander (Fredrickson, 2013). Oud-president Mandela het na opvoeding verwys as die magtigste wapen om die wêreld (ten goede) te verander en binne die Afrika-bestaan dui dit waarskynlik nie bloot op die verryking of aktualisering van die self nie, maar beslis ook op die self en ander. Brooks (2006) noem dat gesonde ouerskap 'n lewenslange geskenk is wat

primêre versorgers aan hul kinders kan gee en die voorsiening van bemagtigende huis- en skoolomgewing is 'n kragtige nalatenskap aan die volgende geslag (Wissing & Temane, 2008).

Derdens, kultuurverskille is ook van toepassing. Navorsing wys dat ouers/primêre versorgers uit lae sosio-ekonomiese groepe en agtergeblewe etniese groepe minder betrokke is by kinders en adolessente se opvoeding. Redes hiervoor blyk te wees dat hulle nie die nodige belangstelling het nie, nie oor die nodige tyd beskik nie en ook nie oor die nodige vaardighede en kennis beskik nie (Eccles & Harold, 1993).

Vierdens, die rol van ouers, familie-skool-verhoudings en ouerbetrokkenheid by die adolessent se skoolaktiwiteite is van kardinale belang tydens die adolessente-leeffase. Dit blyk egter dat primêre versorgers wat in hoë-risiko omgewings woonagtig is, ouerbetrokkenheid hoofsaaklik verstaan as die verskaffing van leefmiddels en die beskerming teen gevare soos bendegeweld, eerder as die waarde van opvoedkundige opleiding en doelbereiking (Persoonlike gesprek met die skoolhoof, Malgarte, 13 Junie 2013). Die adolessent se belewing en hantering van groepsdruk kan dui op risikofaktore soos die adolessent se rebelse reaksie op outokratiese ouerskapstyle en negatiewe portuur-groepsdruk. Hierdie faktore kan adolessente se kwesbaarheid verhoog en om dié rede is die nodige leiding en bemagtiging van primêre versorgers van die allergrootste belang (Theron & Dalzell, 2006).

Dit is nodig dat alle sosiale hulpbronne en veerkragtige hantering, soos die invloed van gesonde interaktiewe konneksies by die huis- en skoolomgewing verken moet word, want hegte verhoudingsbande kan ook die nodige buffer bied wanneer erge probleme en struikelblokke hanteer moet word. Om dié rede is enige goeie inligting nodig om hierdie kosbare hulpbronne – wat nie noodwendig enige finansiële hulpbronne verg nie – te verken (Van Schalkwyk & Wissing, 2010).

Laastens, negatiewe spirale, soos gebroke verhoudings, ontmagtigende gemeenskappe en akkumulerende faktore, soos hoë uitvalstatistiek en werkloosheid kan óf bloot voortgesit word (Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, 2011) óf doelgerig afgeleer word. Die bou van opwaartse positiewe spirale om gesonde verhoudingsverbintenisse en doelbereiking te bevorder, is egter nie 'n outomatiese proses nie (Van Schalkwyk & Wissing, 2010; Fredrickson, 2013). Hierdie genoemde aspekte is geldige kwessies wat verdere verkenning noodsaak.

## 5. **Navorsingsdoelstelling**

Die doel van hierdie studie is die verkenning van vroeë adolessente se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap in 'n hoë-risiko omgewing. Doelwitte van hierdie studie behels die volgende: a) om inligting in te samel rakende vroeë adolessente se belewenisse van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die

skoolgemeenskap in ’n hoë-risiko omgewing; b) die bekendstelling en gebruik van hierdie inligting vir gemeenskapsbetrokkenheid en positiewe jeugontwikkeling; c) die weergee van die bevindinge aan instellings soos die Wes-Kaapse Departement van Onderwys ten einde die belangrikheid van ouerbetrokkenheid te beklemtoon en doelbewus te ontgin; en, d) die verskaffing van inligting wat kan dien as grondslag vir verdere navorsing en moontlike intervensies.

## 6. Sentrale teoretiese stelling

Ouers en primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap is van beslissende belang by vroeë adolessente se akademiese vordering, prestasie en algehele welstand. Ouers is as primêre versorgers die hoof sosialiseringsagente in die adolessent se lewe. Die bydrae van ouers in adolessente se lewe kan dien as ’n belegging rakende skoolsukses en uiteindelike werksukses. Voorts is daar ’n groter moontlikheid dat hy of sy as volwassene versteurings kan ontwikkel as die kind tydens die kind- en adolessente-leeffase nie welstand ervaar nie.

## 7. Belangrike konsepte en definisies

### 7.1 Welstand (“Well-being”)

Seligman (2011) noem dat die positiewe denkraamwerk van die Sielkunde gemik is op welstand en meer spesifiek, die uitbouing van hoër vlakke van welstand, naamlik fleur (“flourishing”). Volgens Seligman (2011) word welstand aangedui deur die belewing van positiewe emosies, positiewe verhoudings, doelbereiking, betekenisvolle bestaan en gesonde betrokkenheid (“engagement”). Keyes (2005) beklemtoon dat geestesgesondheid en geestesversteurings nie eenvoudig die twee uiterstes van ’n enkele kontinuum is nie. Geestesgesondheid behels nie bloot die afwesigheid van geestesversteurings nie, maar dui ook op die teenwoordigheid van spesifieke fasette (Keyes, 2007). Algehele welstand kan beskou word as ’n oorkoepelende toestand wat bestaan uit die teenwoordigheid van welstand, soos die gereelde voorkoms van positiewe emosies en die afwesigheid van simptome van versteurings, soos erge depressie as gemoedsversteuring (Keyes, 2002). Vervolgens kan gemeld word dat inligting oor en die blote behandeling van siektetoestande en patologie nie noodwendig algehele welstand impliseer nie. Seligman (2011) noem dit ’n leë toestand, aangesien die behandeling of doodmaak van peste nie noodwendig florerende groei behels nie, maar bloot kan beteken dat die bedreigende siektetoestande onder beheer is. Dit is ook nodig om te fokus op die doelgerigte uitbouing van kapasiteit en persoonlike krag van mense, soos karaktersterktes wat adolessente se lewenskragtigheid voortdurend ontwikkel (Peterson & Seligman, 2004; Van Schalkwyk & Wissing, 2013). Dit is

belangrik om daardie elemente wat gesonde funksionering beskerm en bevorder, soos die gebruik van positiewe emosies en akademiese prestasie, doelmatig te bestudeer, aangesien blote instinktiewe gewoontes nie noodwendig as onveranderlike gegewens aanvaar hoef te word nie (Fredrickson, 2013; Lyubomirsky, 2007). Persoonlike krag en hoë vlakke van welstand, soos verhoudingswelstand, gebeur nie noodwendig met maturasie nie en kan doelgerig ontwikkel word (Damasio, 2006; Van Schalkwyk & Wissing, 2013).

## 7.2 Kategorieë van welstand

Keyes 2007 konseptualiseer geestesgesondheid as verskillende kategorieë op ’n kontinuum. Hy onderskei drie kategorieë van welstand: lae vlakke van welstand (“languishing”), die gemiddelde vlakke van geestesgesondheid en fleur (“flourishing”) as die teenwoordigheid van hoë vlakke van welstand. Die lae vlakke van welstand word beskryf as ’n toestand waar die individu min positiewe emosies beleef, nie sielkundig en sosiaal goed funksioneer nie en nie versteurings soos depressie beleef nie. Hierdie vlak verteenwoordig die afwesigheid van geestessiektes en die aanwesigheid van mindere vlakke van welstand (Keyes, 2003). Individue wat matige vlakke van welstand ondervind, beleef nie enige versteurings nie en ook nie lae vlakke van welstand nie, maar hulle het ook nog nie die diagnostiese vlakke van fleur bereik nie.

Algehele geestesgesondheid, naamlik die teenwoordigheid van fleur, kan beskryf word as die teenwoordigheid van positiewe gesondheid, die afwesigheid van versteurings en die belewing van hoë vlakke van emosionele-, sosiale- en psigologiese welstand. Dit beteken dat persone wat tot die kategorie van fleur hoort, die volgende beleef: gesonde funksionering en hoë vlakke van funksionele doelwitte (byvoorbeeld, hulle weet wat hulle in die lewe wil bereik), uitstekende gesondheid, meer positiewe as negatiewe emosies, lae vlakke van hulpeloosheid en hoë vlakke van veerkragtigheid (“resillience”), soos die vermoë om uit slegte belewings of probleemtoestande te leer, en hoë vlakke van gesonde verhoudings en intimiteit, soos hegte gesinsbande (Keyes, 2007).

## 7.3 Dimensies van welstand

Ryff en Singer (1996; 2008) meld dat die aard van welstand wel mediese kwessies insluit, soos byvoorbeeld verbeterde liggaamlike gesondheid en hulle stel ’n alternatiewe definisie van welstand voor wat ooreenstem met die eudaimoniese perspektief. Hulle beskryf welstand as ’n vervulde lewe, wat die verwerkliking van ’n persoon se ware potensiaal insluit, asook ’n gelukkige lewe as ’n soort byproduk tot

sinvolle bestaan (Ryff & Singer, 1989,). Die volgende dimensies van psigologiese welstand word deur Ryff en Singer (1996) aangetoon: selfaanvaarding, positiewe verhoudings, persoonlike groei, doelgerigte lewe, omgewingsbemeestering en selfregulering ("outonomy"). Dit blyk dat individue goed funksioneer wanneer hulle die "self" aanvaar, warm en intieme verhoudings het, hulself kan sien ontwikkel in beter mense, 'n doel in die lewe het, hul sosiale en leefomgewings kan inrig om aan hul behoeftes te voldoen en gesonde selfbeheer toepas. Keyes (2005) het Ryff en Singer (1996) se ses dimensies van psigologiese welstand gebruik vir die ontwikkeling van sy meetinstrument om welstand te bepaal. Die meetinstrument meet psigologiese, sosiale en emosionele welstand. Die sosiale dimensies van welstand bestaan uit sosiale samehang, sosiale aktualisasie, sosiale integrasie, sosiale aanvaarding en sosiale bydrae. Individue funksioneer goed wanneer hulle die gemeenskap nie net as betekenisvol en verstaanbaar ervaar en sien dat die samelewing groeipotensiaal bied nie, maar ook voel dat hulle behoort en deur hul gemeenskap aanvaar word (Keyes, 2002).

### 7.4 **Die rol van emosies**

Alle menslike denke, besluitneming en handeling gaan gepaard met emosies (Fredrickson, 2001). Botha (2007) beskryf menslike betrokkenheid as liefdevolle interaksie wat met positiewe emosie gepaardgaan. Fredrickson (2001; 2009; 2013) toon dat die belewing van positiewe emosies welstand, optimale funksionering en konsentrasie bevorder, asook 'n meer uitgebreide denke-en-handeling-repertoire tot gevolg het. Sy noem dat die vorm en funksie van negatiewe en positiewe emosies verskil: Terwyl negatiewe emosies menslike besluitneming en handeling beperk tot spesifieke veg-of-vlug-neigings, lei positiewe emosies tot 'n breër denke-en-handeling-omvang, kalmte en liefdevolle of warm konneksies met ander en die natuur. Hierdie belewings kan vele belangrike vaardighede akkomodeer, soos die bereidwilligheid om met nuuskierigheid te verken of met die nodige vasberadenheid dagtake aan te pak (Fredrickson & Joiner, 2002). Tipiese positiewe emosies wat daagliks deur alle mense gebruik word is blydskap, liefde, vrede, dankbaarheid, tevredenheid, hoop, nuuskierigheid, vasberadenheid en kalmte (Fredrickson & Branigan, 2005). Hierdie positiewe belewings korreleer met prosesse wat bydra tot akademiese sukses, soos kognisie en motivering (Isen, 2003).

Verder toon Fredrickson en Branigan (2005) dat die dinamiek van positiewe emosies van beslissende belang is om positiewe gesondheid en welstand te beskerm en te bevorder. Alhoewel emosies van korstondige aard is, dra dit by tot die bou van sosiale hulpbronne en positiewe belewings. Hierdie insette het langtermyn gevolge vir

welstand op fisiese (byvoorbeeld liggaamlike gesondheid), sosiale (byvoorbeeld ondersteuningsnetwerke, soos vriendskappe), psigologiese (byvoorbeeld veerkragtige hantering en optimisme) en intellektuele (byvoorbeeld intellektuele kompleksiteit en kreatiewe denke) vlak. Hierdie bevindings word gesteun deur navorsing wat aandui dat florerende mense beter vaar in hul beroepe, meer positiewe houdings teenoor ander het en negatiewe stres beter hanteer as diegene wat lae vlakke van welstand beleef (Vaillant, 2000; 2008).

## 7.5 **Bedreigings vir fleur**

Die belewing van welstand en selfs hoë vlakke van welstand kan soms gebuk gaan onder moeilike uitdagings, soos die hantering van erge struikelblokke, byvoorbeeld 'n motorongeluk, familiekrisisse of die belewing van misdaad, soos diefstal en/of verkragting. Binne die paradigma van die Positiewe Sielkunde word die veerkragtige hantering van hierdie moeilikhede beskryf as posttraumatiese groei versus posttraumatiese stres (Ryff & Singer, 2006). Hierdie beskrywing is betekenisvol, aangesien die veerkragtigheid verstaan word as deel van menslike bestaan en as deel van die daaglikse oorkoming van moontlike persoonlike probleme en kontekstuele struikelblokke. Hierdie ekologiese verstaan is van besondere belang en Lerner (2006) beklemtoon veerkragtigheid nie net as daardie taaiheid om uitdagings en moeilikhede te oorkom en as individuele kwaliteit of vermoë verstaan kan word nie, maar wat ook van toepassing is op die gemeenskap, die skool en die familie. Hierdie stelling onderstreep die rol van ekosisteme en sosiale faktore buite die direkte invloed van jeugdiges (Bronfenbrenner, 1979).

Smith (2006) se beradingsmodel, wat karaktersterktes vir die hantering van risikogedrag gebruik en om veerkragtigheid te bou, is relevant vir hierdie studie. Die model belig die belangrikheid van kultuur en die uitgangspunt dat karaktersterktes benut moet word om veerkragtige adolessente te bou teenoor die hoofsaaklike aanspreek van afwykende of wangedrag (Peterson en Seligman, 2004).

Die bou van sterktes in adolessente het te doen met die mens se vermoëns om uit te styg bo uitdagings van blote oorlewing en om iets soos fleur te ervaar. Smith (2006) wys daarop dat hierdie proses spesiale aandag gee aan die rol van veerkragtigheid (met ander woorde, die vermoë om te herstel ná terugslae). Hierdie uitgangspunt hou verband met Keyes (2007) se standpunt ten opsigte van die belangrike rol om sterktes in jonges se lewens te bou . Hierdie sterktes kan dien as buffers, aangesien dit help om risikofaktore teen te werk, om slegte omstandighede ten goede te verander en dat adolessente waardevolle lesse uit moeilike situasies leer (Keyes, 2004; Masten, 2001). Smith (2006) beklemtoon dat alle sterktes kultureel-

gebaseerd is en sy wys op tien kategorieë van sterktes wat in ag geneem moet word om bevoegdhede te bou, soos onder andere wysheid en spirituele sterktes, emosionele sterktes (byvoorbeeld insig, optimisme, uithouvermoë, hoop en doelbereiking), karaktersterktes (byvoorbeeld integriteit, eerlikheid, dissipline en waagmoed) en kreatiewe sterktes (die vermoë om die kunste te waardeer). Sy spekuleer dat sterkte-gebaseerde benaderings, eerder as tekortkoming-gebaseerde benaderings, jongmense motiveer om ten goede te verander . Hierdie ondersteunende manier van dink kan aan adolessente die geleentheid verskaf om hul eie lewe te verken vanuit die oogpunt van sterktes en kan dus bydra tot hul sin van selfdoeltreffenheid.

Positiewe Sielkunde omvat die volle kontinuum van die menslike leeftoestand, naamlik die goed en die minder goed. Binne hierdie denkraamwerk word die probleemkwessie aangebied, naamlik vroeë adolessente se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolomgewing.Die skoolomgewing is ŉ belangrike brug tot doelbereiking vir die adolessent in hierdie ontwikkelingsleeffase, maar ook tot uiteindelike leefsukses as volwassene (Van Schalkwyk & Wissing, 2010). Die adolessenteleeffase is die tydperk waartydens die jongmens belangrike fisiese, kognitiewe, emosionele en sosiale veranderinge beleef (Wait, Meyer & Loxton, 2005) en is van deurslaggewende belang vir die ontwikkeling van gesonde interaksionele style vir verhoudingswelstand en toekomstige werk- en gesinslewe (Van Schalkwyk & Wissing, 2013).

## 8. Adolessente-lewensfase

Adolesensie word gedefineër as die lewensfase tussen die ouderdom van tien en negentien jaar en vroeë adolessensie is vanaf tien- tot veertienjarige ouderdom (World Health Organisation) Alhoewel die meeste adolessente goeie gesondheid beleef, is daar baie siektes en versteurings wat in volwasse jare manifesteer wat hul oorsprong in die adolessente-leeffase het (Van Schalkwyk & Wissing, 2010). Gedurende die adolessente jare vind daar veranderinge plaas op fisiese, sosiale, kognitiewe en emosionele vlak. Hierdie veranderinge gaan met groot uitdagings gepaard, soos onder andere die vermoë tot abstrakte denke en kompleksiteit en die vorming van identiteit wat onafhanklik is van dié van hul primêre versorgers (American Psychological Association: 2004). ŉ Groot verandering wat plaasvind in adolessensie is op die gebied van verhoudings. Die portuurgroep raak al hoe meer belangrik aangesien adolessente probeer om ŉ identieit te vorm wat verskil van hul identiteit as kind. Dit beteken nie dat die belangrikheid van familieverhoudings minder word nie. Die verhoudings met familielede is steeds van die belangrikste verhoudings in die adolessent se lewe en kan as buffer of as ŉ beskermingsfaktor dien (American Psychological Association). Adolessente wat sukkel om

aanvaarding van die portuurgroep te kry, kan probleemgedrag toon, soos die gebruik van substansies om aanvaarding te kry binne ’n spesifieke portuurgroep (American Psychological Association). Ander risikofaktore wat met hierdie leeffase gepaard gaan, is aggressie en vroeë skoolverlating. Ten spyte hiervan is baie adolessente steeds in staat om hierdie leeffase suksesvol te oorkom (Erikson in Meyer, Moore & Viljoen, 2003).

9. **Die skoolgemeenskap**

’n Skoolgemeenskap kan gesien word as ’n groep mense wat verbind is aan die skool as instelling, naamlik leerders, opvoeders, administratiewe personeel en die leerders se families. Die skoolgemeenskap is nie los van ander gemeenskappe nie, maar bestaan binne die ander gemeenskappe (Redding, 1991). Die skoolgemeenskap omvat die verstaan van ’n plek waar die lede van die betrokke gemeenskap ’n gesonde sin van behoort aan en veiligheid ondervind (Osterman, 2000). Verhoudings is een van die belangrike aspekte van die skoolgemeenskap en dit omarm die kwessies van sosiale aanvaarding en gesonde verbintenisse (Osterman, 2000). Mense is sosiale wesens en om dié rede is ’n gesonde belewing van “om te behoort” aan die gemeenskap lewensbelangrik.

10. **Bronfenbrenner se ekologiese model**

Bronfenbrenner (1979) se ekologiese model dui aan dat ’n individu deel is van ’n aantal sub-sisteme. Sommige van die sub-sisteme het direkte of indirekte invloed op die ontwikkeling van die individu. Hierdie sisteme word verdeel in nabye- en afstand-sisteme (“proximal and distal”), waar die nabye sisteme ’n direkte invloed op die persoon het, terwyl die afstandsisteme ’n meer indirekte impak het (Bronfenbrenner, 1979). Die mikrosisteem is die eerste sisteem en dit verteenwoordig die onmiddelike omgewing van die individu, naamlik sy of haar gesin, uitgebreide familie, vriende en gemeenskap. Die individu is die middelpunt van hierdie sisteem en beïnvloed die ander en word beïnvloed deur die ander. Die tweede sisteem, naamlik die mesosisteem het te make met die verhoudings van die individu en die ander, byvoorbeeld die huis- en skoolomgewing en veranderinge in die een konteks sal ook ’n impak op die ander kontekste hê. Die mikro- en die mesosubsisteme word gereken as nabye sisteme. Die eksosisteem behels die wyer ondersteuning en die breër samelewing wat ’n meer indirekte invloed op die individu het, soos die werkomgewing van die adolessent se primêre versorger. Die laaste sisteem is die makrosisteem wat die mees indirekte invloed op die individu het, soos besluite rakende beleid. Die ekso- en makrosisteme word as afstandsisteme gereken. Hierdie ekologiese perspektief is belangrik om die veelheid van invloede op die individu te kan onderskei, hetsy direk of indirek. Die ekologiese perspektief is geskik om die moontlike oorsake van lae vlakke van welstand, soos substansiemisbruik te verduidelik, aangesien hierdie raamwerk ons in staat stel om die verhoudings tussen mense, hul eksterne omgewings en die manier waarop hierdie omgewings en hul ervarings oor die verskillende kontekste heen, op

mekaar inwerk, in ag te neem (Goldstein, 2006). Hierdie model bied die nodige hulpmiddele om individuele en kontekstuele faktore te make met welstand te kan identifiseer .

## 11. Ouerbetrokkenheid

Clarke en McLaughlin (2010) beklemtoon dat ouers se volgehoue ondersteuning van groot belang is vir adolessente se motivering vir skoolbywoning en verbeterde skoolervarings. Hierdie gesonde ouerbetrokkenheid word geassosieer met goeie gesondheid wat verhoudingswelstand en goeie funksionering insluit. Theron & Theron (2010) meld dat swart adolessente in informele nedersettings aangedui het dat veral hulle moeders hul steunpilare is. Hierdie sosiale steun soos beleef binne die uitgebreide familiekonteks, dien as belangrike bronne tot self-aktualisering. Verder bied hierdie positiewe familieverhoudings aan swart adolessente die psigologiese krag en motivering om hul skoolloopbaan suksesvol te voltooi en probleme te oorkom. Clarke en McLaughlin (2010) beklemtoon dat primêre versorgers se volgehoue ondersteuning van groot belang is vir hul kinders se motivering met betrekking tot gereelde skoolbywoning en die toenemende belewing van positiewe skoolervarings. Verder beklemtoon Fredrickson (2013) dat wanneer vroeë adolessente die gesonde en liefdevolle ondersteuning van primêre versorgers beleef, dit die vorming van positiewe verhoudingsnetwerke asook goeie funksionering ontketen (Fredrickson, 2013). Primêre versorgers se aktiewe betrokkenheid by hul kinders dien as die grondslag vir gesonde sosiale interaksie asook vir die aanpak van ontwikkelingsuitdagings (Erikson in Meyer, 2003). Hierdie grondslag bied aan vroeë adolessente die nodige toerusting om tydens ontwikkeling ook ander verhoudings met byvoorbeeld, medeleerders, portuurgroepe en opvoeders aan te knoop (Cloete, 2013).

## 12. Suid-Afrikaanse wetgewing en “ouers”

Suid-Afrikaanse wetgewing is verander sodat die primêre versorger die rol van “ouer” kan vertolk. Hierdie primêre versorger is nie noodwendig die biologiese ouers van die kind nie, maar kan ’n lid van die kind se familie wees, of enige persoon wat bereid is om die taak van ouer te aanvaar. Hierdie wysigingswet tot SASA Wet 84 (1996) was nodig om aan meer kinders in Suid-Afrika die geleentheid te gee om wel in “ouerhuise” te kan woon. Die motivering vir hierdie wysingswet dui op die noodsaaklikheid daarvan dat kinders en adolessente blootgestel word aan die ervaring van ’n gesinslewe.

Terwyl die weelde van ’n ouerhuis meer as algemene versorging impliseer en van beslissende belang is vir gesonde ontwikkeling, is dit ook die ruimte waar vroeë adolessente die waarde van gesonde verhoudings leer en interpersoonlike konneksies beleef. Die holistiese verstaan van positiewe adolessente welstand het te make met individue en die skoolgemeenskap. Die betrokkenheid van primêre versorgers blyk een van die bepalende

faktore te wees vir die vroeë adolessent met die oog op welstand en fleur, wat onder andere gekenmerk word deur die belewing van hegte verhoudings.

In die lig van bogenoemde inligting word die navorsingsvraag as volg geformuleer: Wat is vroeë adolessente se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap in ’n hoë-risiko omgewing? Die fokus van hierdie studie is die verkenning van vroeë adolessente se persepsies van die huis-en-skoolvennootskap in ’n hoë-risiko omgewing ten einde ’n teoretiese bydrae te lewer tot vroeë adolessente se welstand, optimale ontwikkeling, doelbereiking en skoolprestasie.

## 13. **Metodologie**

Hierdie studie het ’n kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik. Dit was die mees gepaste metode, aangesien die navorsing daarop gemik was om ’n ryke verstaan van die spesifieke fenomeen (Creswell, 2007) te verkry.

### 13.1 **Deelnemers**

Die deelnemers aan die studie was vroeë adolessente. Die demografiese inligting van die betrokke dorpsgemeenskap (voorheen “township” genoem) waar die deelnemers woon, is die volgende: Die Delft-dorpsgemeenskap is geskep in 1989 vir armes en minder bevoorregte mense wat ’n klein inkomste verdien (ongeveer R800.00 per maand), soos enkelouers wat afhanklik is van staatstoelae en bejaardes wat nie ander behuising kan bekostig nie. Die gemeenskap word gekenmerk deur die hoë voorkoms van misdaad, soos aanranding, huisinbraak, verkragting, diefstal, moord en gesinsgeweld. Delft is geklassifiseer as ’n hoë-risiko gemeenskap (Kaptein Wilson, SADP, persoonlike onderhoud, 15 Oktober 2013). Die navorsingskonteks strook met Felner (2006) se beskrywing van ’n hoë-risiko gemeenskap.

Hierdie blootstelling aan emosionele en fisiese mishandeling, gesinsgeweld en omgewingsmisdaad beteken dat al hoe meer jeugdiges betrokke is in gewelddadige en misdadige gedrag, selfs as bendelede (Zdunnek, Gray, Lambertz, Licht & Rux., 2003). Daar bestaan twee tipes bendes in Delf: Die eerste tipe is die Hoofstroom-bendes, soos die ses-en-twintigs, agt-en-twintigs en die “Americans”. Hierdie bendes is die groepe wat moor, verkrag, roof en ernstige misdade pleeg. Die tweede groep bendes is die informele bendes wat hoofsaaklik uit skoolkinders bestaan. Hulle steek mekaar somtyds met messe en maak hulle skuldig aan inbraak en diefstal. ’n Toenemende aantal kinders in die Delft-gemeenskap raak betrokke by misdaad, die smous met dwelms, diefstal en huisinbrake. Die gemiddelde ouderdom in Delft vir kindermisdaad is elf. (Kaptein Wilson, SADP, persoonlike gesprek, Oktober 15, 2013). Verder is daar

spesifieke woonbuurte in die Delft-gebied, soos Blikkiesdorp wat sedert 2006 ontstaan het met die oorspronklike idee om te dien as tydelike hervestigingsgebiede vir families. Die gebiede is ontwerp vir die armste van armstes. Die konstante beweging van nuwe en ou inwoners in hierdie gebiede beteken dat die inwoners van die woonbuurte (derduisende inwoners) se belewing van 'n sin van gemeenskap uiters gebrekkig is (Kaptein Wilson, SADP, persoonlike onderhoud, 15 Oktober 2013).

Die deelnemers aan hierdie studie is woonagtig in Delft en Blikkiesdorp ('n woongebied in die Delftgemeenskap). Twaalf deelnemers is gekies uit graad ses en sewe, aangesien hierdie ouderdomsgroep, naamlik twaalf tot veertien jaar oud die vroeë adolessente-fase verteenwoordig. Beide seuns en dogters is as deelnemers gekies. Daar is van doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak en die deelnemers is op 'n onpartydige manier gekies. Hierdie tipe steekproeftrekking behels die selektering van 'n groep deelnemers om 'n diepgaande begrip van 'n sekere fenomeen soos deur die deelnemers beleef, te verkry (Colman, 2001).

Die volgende kriteria is gebruik om die deelnemers te kies:

(i) Taalvaardigheid: Die deelnemers moes Afrikaanssprekend wees ten einde taalkwessies of gebrekkige verstaan te vermy.

(ii) Ouderdom: Deelnemers wat in die kategorie twaalf tot veertien jaar was, is gekies om die vroeë adolessente-fase te verteenwoordig.

(iii) Skoolgrade: Deelnemers is gekies uit graad ses en sewe.

(iv) Primêre versorgers is nie onwettige plakkers nie.

## 14. **Data-insameling**

Die data is ingesamel deur van verskillende navorsingstegnieke gebruik te maak, naamlik collages, persoonlike onderhoude en die sogenaamde "World Café"-tegniek. Die deelnemers het eers collages gemaak en hierdie visuele materiaal het as ysbreker vir die daaropvolgende data-insameling gedien. Hierdie visuele inligting het aan die navorser die geleentheid gegee om op 'n gemaklike manier kennis te maak met die deelnemers en gesprekke aan te knoop oor hul persepsies soos uitgebeeld in die collages. Die deelnemers is gevra om met prente (geknip uit tydskrifte) en sketse hul persepsies van hul primêre versorgers uit te beeld. Hierdie collages het aan die navorser gulde geleentheid gebied om die unieke verstaan van elke deelnemer verder te ontgin met persoonlike onderhoude.

Die doel van die persoonlike onderhoude was om elke deelnemer se persoonlike en eiesoortige persepsies rakende hul primêre versorgers se betrokkenheid by die

skoolgemeenskap in die hoë-risiko omgewing te verken. Daar is twaalf onderhoude gevoer, naamlik een onderhoud per deelnemer, as primêre manier om ryke en sinvolle inligting oor die betrokke fenomeen te bekom. Creswell (2007) meld dat die kwalitatiewe navorsingsonderhoud die fundamentele bron vir die verkryging van die nodige inligting is. Die onderhoude is gevoer aan die hand van semi-gestruktureerde vrae. Vrae is gekies op grond van die collages en die deelnemers se keuse van prente ten einde by te dra tot spontane gesprekke en vir die skep van ’n veilige en gemaklike emosionele ruimte vir die deelnemers. Semi-gestruktureerde vrae soos die volgende is gebruik : “Vertel my hoekom jy hierdie prent gebruik het om jou ouers/primêre versorgers te beskryf?”, “Vertel my hoekom jy hierdie prent gebruik het om iets van jou gesin te verduidelik?” en “Wat vertel hierdie collage vir my van jou ouer(s)/primêre versorgers se betrokkenheid by jou skool?”

Die World Café-tegniek het die deelnemers die geleentheid gebied om hulle gedagtes en opinies op ’n nie-bedreigende manier binne groepsverband te deel (Brown, 2005). Schieffer, Isaacs en Gyllenpalm (2004) beskryf die World Café-tegniek as ’n gebruikersvriendelike metode vir die skep van dialoog aangaande ’n bepaalde vraag. Gesprekvoering is ’n eiesoortige menslike vermoë om nuwe insigte en moontlikhede te ontdek en hierdie kapasiteit is gebruik om die fenomeen verder te beskryf (Brown, 2005). Klein groepe (vier deelnemers per groep) is gebruik en elke groep het ’n leier gekies sodat elke groepslid genoeg tyd gekry het om sy/haar bydrae te lewer. Tydens hierdie byeenkomste is die deelnemers aangemoedig om saam te praat en ook na mekaar te luister sonder om noodwendig te fokus op ’n oplossing van die kwessie (Brown, 2005). Hierdie tegniek is gebruik omdat dit ook aan die deelnemers as ’n groep die geleentheid gegee het tot gesamentlike verkenning en hierdie kollektiewe wysheid (“verstehen” of “el meollo” soos gebruik deur Brown, 2005) en was belangrik vir die navorser as ’n ryke bron van data.

Die individuele onderhoude en World Café-gesprekke is opgeneem en getranskribeer.

## 15. **Data-analise**

Die data is tematies sowel as visueel ontleed. Data-analise is toegepas soos beskryf deur Braun en Clarke (2006).

Vertrouenswaardigheid is bewerkstellig deur die gebruik van verskillende data-insamelingstegnieke soos collages, persoonlike onderhoude en die World Café-tegniek, asook verskillende metodes van analise. Kristalisasie is gebruik soos uiteengesit deur Tracy (2010). Volgens Ellingson (2009) word kristalisasie gebaseer op ontologiese aannames. Kristalisasie is ’n effektiewe manier om ’n breedvoerige begrip te verkry van deelnemers se belewings.

## 16. Prosedure

Insameling van die data het gedurende skoolure op die skoolgronde geskied. Vier navorsingsassistente is gebruik om die leerders by die klaskamers te gaan haal en alle nodige reëlings is getref sodat die data-insameling vlot kon verloop. Die data-insameling het op verskillende dae gebeur soos ooreengekom met die betrokke skoolhoof. Die individuele onderhoude en World Café-data-insameling is met ’n digitale bandopnemer, met toestemming van die deelnemers, opgeneem. Hierdie gesprekke is getranskribeer met die oog op data-analise.

## 17. Etiese implikasies vir deelnemers binne die gemeenskap

Etiek word deur Strydom (2005) beskryf as ’n stel morele beginsels wat deur ’n individu of groep toegepas word. Etiese riglyne het as standaarde gedien en ’n riglyn gebied vir navorsing. Die navorser het te alle tye gepoog om aan die nodige etiese vereistes tydens die navorsing te voldoen.

Hierdie vereistes het die volgende behels: a) die verkryging van die nodige toestemming vir die navorsing by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, asook die skoolhoof van die betrokke skoolgemeenskap; b) ingeligte toestemming van primêre versorgers van leerders en vrywillige deelname van die deelnemers (leerders); c) die onderneming dat die beplande studie geen nadelige gevolge vir die deelnemers sal inhou nie; d) vertroulikheid, anonomiteit en die nodige terugvoering van die navorsingsbevindings aan die skoolgemeenskap.

Ontladingsonderhoude met die deelnemers het gebeur ná elke sessie tydens die data-insamelingsproses. Die studieleier en vier navorsingsassistente (gemeenskapswerkers) was deurentyd betrokke in terme van praktiese hulpverlening en moontlike ontladingsgesprekke.

Etiese goedkeuring is verkry vir die navorsingsprojek te make met verhoudingswelstand by die Noordwes-Universiteit (Etiese kode: NWU-00060-12-A1).

## Samevatting en uiteensetting van verhandeling

Hierdie afdeling het die motivering en doelwitte van die huidige studie aangetoon. Die literatuur-oorsig het die belangrikheid beklemtoon om verskeie kwessies en konsepte, soos primêre versorgers se ondersteuning, die ekologiese sisteem, uitdagings van die adolessente leeffase, welstand, en skoolsukses te bekyk met die oog op die navorsingsprobleem. Daar is ook aangedui dat die probleemkwessie nog nie voldoende binne die raamwerk van die Positiewe Sielkunde bestudeer is nie, en dat die huidige studie gerig is op adolessente wat nie-siek-is-nie en die moontlikhede van verbeterde funksionering en doelwitbereiking. Afdeling B sal

aangebied word in artikelformaat, getiteld: Vroeë adolessente se persepsies van hulle primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap in ‘n hoë-risiko omgewing. Die doel van hierdie deel is om primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap in ‘n hoë-risiko-omgewing vanuit die vroeë adolessent se perspektief te verken.  En Afdeling C sal die bevindings, gevolgtrekkings, moontlike beperkings van die huidige studie, en aanbevelings vir toekomstige navorsing weergee.

**Verwysings**


American Psychological Association. Retrieved from http://www.apa.org/

Botha, J. (2007). Onderwysers se belewenis van ouerbetrokkenheid in die leerproses van verstandelik gestremde kinders. Ongepubliseerde meestersverhandeling. Universiteit van Suid-Afrika.

Braun, V. & Clarke, V. (2006). Using thematic analysis in psychology. Qualitative Research in Psychology, 3, 77-101.

Bronfenbrenner, U. (1979). The ecology of human development. Cambridge: Harvard University Press.

Brooks, R.B. (2006). The power of parenting. In S. Goldstein & R.B. Brooks (Eds.), Resilience in children. (pp. 297-314). New York: Springer.

Brown, J. (2005). The world café. San Francisco: Berrett-Koehler Publishers, Inc.

Chigeza, S. & Roos, V. (2011). The Resilience of Illegal African Migrants in South Africa: A Relational Perspective. The Australian Community Psychologist. 23(2).

Clarke, B. & McLaughlin, C. (2010). Relational Matters Educational & Child Psychology, 27(1),

Cloete, M.L. (2013). Opvoedingsrolle van versorgers van adolessente met fetale alkohol sindroom. Ongepubliseerde tesis. Universiteit van Stellenbosch.

Colman, A.M. (2001). Dictionary of Psychology. Oxford: Oxford University Press.

Creswell, J. W. (2007). Qualitative Inquiry And Research Design: Choosing Among Five Approaches. London: Sage Publications.

Damasio, A. (2006). Descartes' error. London: Vintage Random House.

Delft Health Centre. (2012). Community data. Retrieved May 25, 2012, from http://www.smartcape.org.za/community/community-articles/delft-health-centre.html

Eccles, J.S. & Harold,R.D. (1993). Parent-school involvement during the early adolescent years. Teachers college record, 94(3).

Ellingson, L.L. (2009) Engaging crystallization in qualitative research: An introduction.Thousand Oaks, CA: SAGE Publications Ltd.

Felner, R. D. (2006). Poverty in childhood and adolescence. In S. Goldstein & R.B. Brooks (Eds.), Resilience in children (pp.125 - 148). New York: Springer.

Flisher, A.J., Lund, C., Banda, M., Bhana, M., Doku, V., Drew, N., et al. (2007). Mental Health Policy Development and Implementation in four African Countries. Journal of Health Psychology, 12(3), 505-516.

Flouri, E. (2004). Subjective well-being in midlife: The role of involvement and closeness to parents in childhood. Journal of Happiness studies, 5, 335-358.

Fourie, J.E. (2013). Early Childhood Education in South African townships: Academics accepting the challenge to empower Early Childhood Development practitioners.

Journal of Social Sciences.

Fredrickson, B.L. (2001). The role of positive emotions in positive psychology: The broaden-and-build theory of positive emotions. American Psychologist, 56(3), 218-226.

Fredrickson, B. L. (2009). Positivity. New York: Three Rivers Press

Fredrickson, B. L. (2013). Updated Thinking on Positivity Ratios. American Psychologist [Advance online publication]. doi: 10.1037/a0033584

Fredrickson, B.L. & Branigan, C. (2005). Positive emotions broaden the scope of attention toward emotional well-being. Psychological science, 13, 172-175.

Fredrickson, B.L. & Joiner, T. (2002). Positive emotions trigger upward spirals toward emotional well-being. Psychological Science, 13, 172-175.

Goldstein & R.B. Brooks (Eds.), Resilience in children. (pp. 297-314). New York: Springer.

Govender, K. & Killian, B.J. (2001). The psychological efffects of chronic violence on children living in South African townships. South African Journal of pshycology, 31(2),

Isen, A.M. (2003). Positive affect as a source of human strength. In L.G. Aspinwall & U.M. Staudinger (Reds.), A psychology of human strengths: Fundamental questions and future directions for a positive psychology (pp. 179-195). Washington, DC: American

Keyes, C.L.M. (2002). The mental continuum: From languishing to flourishing in life. Journal of health and social behavior, 43(2),207-222.

Keyes, C.L.M. (2003). Complete mental health: An agenda for the 21st century. In C.L.M. Keyes & J. Haidt (Eds.), Flourishing: Positive Psychology and the life well-lived. (pp. 293-312).  Washington DC: American Psychological Association.

Keyes, C.L.M. (2004). The nexus of cardivascular disease and depression revisited: The complete mental health perspective and the moderating role of age and gender. Aging and mental health, 8, 266-274.

Keyes, C.L.M. (2005). Mental illness and/or mental health? Investigating axioms of the complete state model of health. Journal of consulting and clinical psychology, 73, 539-548.

Keyes, C. L. M. (2006). Subjective well-being in mental health and human research worldwide: an introduction. Social Indicators Research, 77(1), 1-10.

Keyes, C.L.M. (2007). Promoting and protecting mental health as flourishing: A complementary strategy for improving national mental health. American Psychologist, 62(2), 95-108.

Keyes, C.L.M. (2009). The nature and importance of positive mental health in America's adolescents. In R. Gilman, E.C. Huebner & J. Furlong (Eds.), Handbook of Positive Psychology in schools. (pp. 9-24). New York: Routledge.

Kitching, A., Roos, V. & Ferreira, R. (2012). Towards an understanding of nurturing and restraining relational patterns in school communities. Journal of psychology in Africa,22 (2).

Lerner, R. M. (2006). Editor's introduction: Developmental science, developmental systems, and contemporary theories. In R. M. Lerner (Ed.). Theoretical models of human development. Volume 1 of Handbook of Child Psychology. (6th ed.).

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Ferns, I. (1998). Die middelkinderjare. In Louw, D.A., Van Ede D.M. & Louw A.E. (Red). Menslike ontwikkeling. (3de uitgawe). (pp. 245-280). Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Louw, W., Bayat, A. & Eigelaar-Meets, I. (2011). A report of underperforming secondary schools in the Western Cape. Institute of Social Development. University of the Western Cape, Bellville.

Lyubomirsky, S. (2007). The how of happiness: A scientific approach to getting the life you want. New York: The Penguin Press.

Malrgarte, C. R. (2013). Skoolhoof

Maslow, A.H. (1968). Toward a psychology of being. Princeton: Van Nostrand.

Masten, A.S. (2001). Ordinary magic. Resilience processes in development. American psychologist, 56(3), 227-238.

Melhuish, E., Sylva, C., Sammons, P., Siraj-Blatchford, I. & Taggart, B. (2001). Social, behavioural and cognitive development at 3-4 years in relation to family background. The effective provision of pre-school education, EPPE project. DfEE.London: The Institute of Education.

Meyer, W., Moore, C. & Viljoen, H. (2003) Personology: From individual to ecosystem. (3rd ed.). Heinemann

Nelson, G. & Prilleltensky, I. (2010). Community psychology, in pursuit of liberation and well-being. (2nd ed.). New York: Palgrave Macmillan

Osterman, K. (2000). Students' Need for Belonging in the School Community. Review of Educational Research. 70(3).

Peterson, C. & Seligman, M.E.P. (2004). Character strengths and virtues: A handbook and classification. New York: Oxford University Press.

Positive Psychology (http://www.ippanetwork.org/about_ippa/).

Redding, S. (1991). What is a School Community, Anyway? The School Community Journal. 1(2),

Republiek van Suid-Afrika. 1996. Suid-Afrikaanse Skolewet Wet 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukkery.

Reschley, A.L. & Christenson, L.S. (2009). Parents as essential partners for fostering students' learning outcomes. In R. Gilham, E.S. Huebner & M.J. Furlong (Eds.), Handbook of Positive Psychology in schools. (pp. 89-106). New York: Routledge.

Ryff, C.D. (1989). Happiness is everything, or is it? Explorations on the meaning of psychological well-being. Journal of Personality and Social psychology, 57(6), 1069-1081.

Ryff, C.D. & Singer, B. (1996). Psychological well-being: Meaning, measurement, and implications for psychotherapy research. Psychotherapy and Psychomatics, 65, 14-23.

Ryff, C.D., & Singer, B. (2006). Flourishing under fire: Resilience as a prototype of challenged thriving. In Keyes & Haidt (Ed.), Flourishing: Positive Psychology and the life well-lived. (pp. 15-36). Washington, DC: American Psychological Association Press.

Ryff, C.D. & Singer, B. (2008). Know thyself and become what you are: A eudaimonic approach to psychological well-being. Journal of Happiness Studies. doi: 10.1007/s10902-006-9019-0

Schieffer, A., Isaacs, D. & Gyllenpalm, B. (2004). World Cafe Part 1. World Business Academy. 18(8).

Seligman, M.E.P. (2005). Positive Psychology, Positive Prevention, and Positive Therapy. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.), Handbook of Positive Psychology (pp. 3-9). New York: Oxford University Press.

Seligman, M. E .P. (2011). Flourish. New York: Simon & Schuster Inc.

Seligman, M.C. & Csikszentmihalyi, M. (2000). Positive Psychology. The American Psychologist, 55(1), 5-14.

Sheldon, K.M. & King, L. (2001). Why Positive Psychology is necessary. American Psychologist, 56(63), 216-217.

Smith, E.J. 2006. The Strength-based counceling model. The Counceling Psychologist. 34(1), 13-79.

Stewart, D. & Sun, J. (2004). How can we build resilience in primary school aged children? The importance of social support form adults and peers in family, school and community settings. Asia-Pac Journal of Public Health, 16, 37-41.

Strydom, H. (2005). Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouche & C.S.H. Delport. (Reds.), Research at grassroots. (3rd ed). Pretoria: Van Schaik publishers.

Suldo, S.M. (2009). Parent-child relationships. In R. Gilham, E.S. Huebner & M.J. Furlong (Reds.), Handbook of Positive Psychology in schools. (pp. 27-36). New York: Routledge.

Temane, Q.M., Wissing, M.P. & Coetzee, H.K. (2010). Die belewenis van betekenisvolheid deur 'n groep Suid-Afrikaners. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 50(3), bladsynommers.

Theron, L.  & Dalzell, C.  (2006).  The specific life orientation needs of grade 9 learners in the Vaal Triangle region.  South African Journal of Education, 26 (3) 397-412.

Theron, L.C. & Theron, A.M.C. (2010). A critical review of studies of South African youth resilience, 1990-2008. South African journal of science. 106(7/8).

Tracy, S.J. (2010). Qualitative Quality: Eight “Big-Tent” criteria for excellent research. Qualitatve Inquiry. 16(1), 837-851.

Vaillant, G.E. (2000). Adaptive mental mechanisms: Their role in a positive psychology. American Journal of Psychology, 55(1), 89-98.

Vaillant, G.E. (2008). Faith, hope, and joy: The neurobiology of the positive emotions. New York: Morgan Road Books.

Van Schalkwyk, I., & Wissing, P. (2010). Psychosocial well-being in a group of South African adolescents. Journal of Psychology in Africa, 20(1), 53-60.

Van Schalkwyk, I. & Wissing, M.P. (2013). Evaluation of a programme to enhance flourishing in adolescents. In Wissing (Ed.), Well-being research in South Africa, pp. 53-60. Dordrecht: Springer:. doi: 10.1007/978-94-007-6368-5

Wait, J., Meyer, J., & Loxton H., (2005). Menslike ontwikkeling: ’n Psigososiale perspektief. Bellville: Ebony Books.

Wilson, J. (Junie 2013). Polisiekaptein te Delft

World Health organization. http://www.who.int/en/

You, S. & Nguyen, J.T. (2011). Parents' involvement in adolescents' schooling: a multidimensional conceptualisation and mediational model. Educational psychology. 31(5), 547-558.

Zdunek, G., Gray, C., Lambertz, B., Licht, N., & Rux, E. (2003). Approaches to reduce youth poverty in Cape Town. Retrieved March 5, 2007, from www.developmentgoals.org

## AFDELING B: ARTIKEL

Vroeë adolessente se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap in ‘n hoë-risiko omgewing.

Vir voorlegging aan Koers vir publikasie.

## VOORSKRIFTE AAN SKRYWERS

### Aard van artikels wat aan *Koers* voorgelê word.

By die aanbieding van artikels wat aan *Koers* voorgelê word, moet die aard van *Koers*-artikels beslis in ag geneem word wat die invalshoek, vertrekpunte, aanbiedingswyse, gevolgtrekkings, ensovoorts betref.

- **Tipiese *Koers*-artikels het 'n geïntegreerde prinsipiële/ lewensbeskoulike begronding en is hoofsaaklik besinnend van aard. Die artikels behoort dus nie net die aanbieding van feitelike of empiriese navorsing te wees nie, maar moet in 'n wyer (filosofies-) besinnende raamwerk ingebed wees.**

- Prinsipiële/lewensbeskoulike besinning impliseer 'n kritiese beoordeling van gestelde standpunte. Die outeur se eie vertrekpunte en uiteindelike standpuntinname behoort duidelik uit onder andere sy gevolgtrekkings of invalshoek te blyk.

- Relevante en onderliggende (vak)filosofiese, etiese of morele kwessies wat verband hou met die onderwerp van die artikel kan dus in die argumentasielyn geïntegreer en aangesny word.

- Die subtitel van *Koers* is "Bulletin vir Christelike Wetenskap". *Koers* se grondslag is Christelik, maar ruimte word gelaat vir gemotiveerde meningsverskil en diskussie.

- *Koers* is 'n geakkrediteerde interdissiplinêre tydskrif wat navorsingsartikels uit alle vakgebiede publiseer. Artikels moet dus vakgerig wees, maar ook toeganklik vir 'n wyer teikengroep, dit wil sê 'n leserpubliek wat nie noodwendig op hoogte is met die spesifieke vakjargon en tendense binne 'n spesifieke vakdissipline nie. Artikels moet egter steeds voldoen aan wetenskaplike gehalte en die standaard vir navorsingsartikels wat in 'n geakkrediteerde tydskrif gepubliseer word.

1. **Ooreenkoms met skrywers**: **Alleenreg op publikasie**: Die voorlegging van 'n artikel aan *Koers* impliseer dat *Koers* alleenreg op die publikasie van die artikel het – sowel in gedrukte media as in elektroniese en ander media.

2. **Aard van bydraes**: *Koers* is 'n interdissiplinêre blad; daarom word artikels uit alle vakgebiede verwelkom. **Artikels moet egter 'n prinsipiële begronding of standpuntinname bevat** (wat nie noodwendig dié van die Redaksie hoef te wees nie).

3. **Keuring**: Alle voorleggings sal deur minstens twee keurders beoordeel word. Keuring word in algehele vertroulikheid gedoen, en die identiteit van die skrywer en keurders word nie bekend gemaak nie. Outeurs moet hulself **nie in artikels identifiseer** deur onder andere hulle voorletters, van of universiteit in voetnote of gedeeltes tussen hakies te gebruik nie.

4. **Formele vereistes**:

- **Taalmedium**: Manuskripte kan in Afrikaans, Engels of Nederlands voorgelê word.
- Die manuskripte moet taalversorg en finaal geredigeer wees.
- **'n Rekenaarweergawe** van die artikel word by voorlegging verlang. Stuur die elektroniese weergawe van die artikel aan Susan.Lourens@nwu.ac.za (verkieslik as 'n *Word*-dokument).
- Op die titelblad moet die outeur se voorletters en van, departement, universiteit en persoonlike e-posadres verskyn. Verstrek ook 'n privaat posadres, 'n telefoon- (sel-) en faksnommer.
- **Nadat die keuringsproses afgehandel is** en die outeur die kommentaar verwerk het, stuur asseblief 'n rekenaarkopie van die hersiene artikel **sowel as die outeur se begeleidende brief**, ter verduideliking van hoe die hersiening gedoen is aan die kantoor.
- **Lengte**: Vyftien (15) gedrukte bladsye (±6 100 woorde) word as algemene riglyn gestel.
- **Stylfasette**:
  - Die **titel** moet so kort en bondig as moontlik wees. **Genommerde opskrifte en subopskrifte** moet met Arabiese syfers met punte genommer word, byvoorbeeld 3. word gevolg deur 3.1, 3.1.1 en 3.1.1.1 (tot hoogstens die vierde vlak).

- Artikels moet verkieslik in **subparagrawe** met **gepaste genommerde opskrifte** verdeel word.
- Afkortings en akronieme in die normale teks is nie aanvaarbaar nie. Akronieme wat algemeen gebruik word, byvoorbeeld VSA, is egter aanvaarbaar.
- Kursivering word as aanduiding van beklemtoning of van 'n woord of uitdrukking uit 'n ander taal gebruik.
- **Grafiese voorstellings, sketse, diagramme, tabelle moet reeds rekenaarmatig voorberei en deel vorm van die finale dokument.**
  - ❖ Hierdie grafika kan in enige rekenaarpakket voorberei wees, maar moet in 'n **jpeg**-formaat gestoor wees.
  - ❖ Die grafiese lêers moet ook apart elektronies gestuur word. Die lêernaam moet duidelik aangetoon word.
  - ❖ Die lettertipe wat in die grafika gebruik word, moet aanpas by die lettertipe wat *Koers* gebruik (Arial) – verkieslik 12-pt grootte.

5. **Abstract**: Alle artikels moet van 'n taalversorgde *abstract* ('n opsomming in Engels) van ongeveer 200 woorde voorsien word. Direk daarna moet die **Afrikaanse vertaling** ingevoeg word – **ook die vertaalde artikeltitel.**

6. **Kernbegrippe**: Aan die einde van die artikel: voeg 3-4 kernbegrippe/baie kort frases in waaronder die artikel geïndekseer kan word. Gee ook onder *key concepts* die Engelse vertalings hiervan.

7. **Bladgeld**: By die voorlegging van 'n navorsingsartikel onderneem outeurs verbonde aan tersiêre inrigtings in Suid-Afrika om, indien die artikel vir publikasie aanvaar word, die voorgeskrewe bladgeldfooi (R120 per bladsy) te betaal. Outeurs kan gewoonlik die bladgeld van hulle inrigtings of navorsingsinstansies verhaal.

8. **Mede-outeurskap**: Artikels wat voorspruit uit verhandelings of proefskrifte: voor die voorlegging van die artikel moet die skrywer oorleg pleeg met die studieleier/promotor.

9. **Proefdruk:** 'n Proefdruk word vooraf aan die artikelskrywer gestuur om te proeflees. Neem kennis dat die wagtyd tussen voorlegging en plasing normaalweg 3-9 maande is. Die proefdruk word elektronies gestuur. Veranderings moet op die elektroniese kopie aangebring word in **vetdruk en rooi** (of in spoormodus), met 'n addisionele lys van bladsy-, paragraaf- en reëlnommers waarop aangedui word watter veranderings waar aangebring is.

10. **Verwysingsmetode**: Die **verkorte Harvard-verwysingsmetode** moet gebruik word. Verwysings in die teks word soos volg aangebring: Anderson (1982:305), of (Anderson, 1982:305). By verwysing na werke van Klassieke en Middeleeuse outeurs word die naam van die outeur, die Latynse/ Griekse titel van die werk (kursief), en die boek, hoofstuk, paragraaf of reëlverwysing (in Arabiese syfers met punte tussenin) vermeld, byvoorbeeld:

    Vergilius (*Aeneïs* 12.601); of
    Cicero (*De Officiis* 1.13.2).

11. **Voetnote: Die gebruik van voetnote moet so ver moontlik beperk word.** As dit egter noodsaaklik is om van voetnote gebruik te maak, dui die voetnootnommer op die tersaaklike bladsy in die teks aan en verstrek ook die volledige teks van die voetnote onderaan die betrokke bladsye.

    Verwysings na bronne wat in 'n voetnoot gegee word, word net soos in die hoofteks gedoen. **Geen voetnoot moet egter uitsluitlik vir bibliografiese besonderhede gebruik word nie.**

12. **Geraadpleegde bronne**

    **Bibliografiese besonderhede word in die lys van geraadpleegde bronne verskaf en nie by wyse van voetnote nie. Slegs werke waarna in die artikel self verwys word**, moet in die lys van geraadpleegde bronne opgeneem en alfabeties gerangskik word.

    Gebruik asseblief die outeur se van en **voorletters/name (skrywersnaam)** in die vorm soos dit op die titelbladsy van die boek of in die tydskrifartikel aangedui is.

**Titels:** Selfstandige naamwoorde word nie met hoofletters geskryf nie, behalwe in die geval van eiename – of in spesiale gevalle.

**Boeke:**

FOURIE, H.W. 1982. Stylfigure. Pretoria: Van Schaik.

ALFAU, F. 1988. Locos: a comedy of gestures. London: Viking.

In alle bibliografiese inskrywings moet die plek van uitgawe en die uitgewer van 'n publikasie vermeld word. **Titels is nie kursief nie.**

**Tydskrif:**

DU PLESSIS, W. 1982. Die regsetiese implikasies van buite-egtelikheid. *Koers*, 50(3):218-223.

**Titels van tydskrifte word kursief geskryf.** Geen aanhalingstekens word by titels van tydskrifartikels gebruik nie. **Tersaaklike bladsynommers** moet verstrek word.

**Verhandeling/Proefskrif:**

DE WET, M. 2002. Die voedingswaarde van geprosesseerde kos. Potchefstroom: PU vir CHO. (M.Sc.-verhandeling.)

**Hoofstuk in 'n versamelwerk:**

MASSIMO, J.L. 1970. Psychology and the gymnast. (*In* George, G., *ed.* The magic of gymnastics. Santa Monica: Sundby Publications. p. 31-33.)

By bydraes in versamelbundels moet die **tersaaklike bladsynommers** vermeld word.

**Internetgebruik:**

NUNES, J. 1997. Hypermedia as a learning tool. http://www.shef.ac.uk/~is/lecturer/ircont.html Date of access: 14 Oct. 1998.

KANNEMEYER, J.C. 2005. Bestekopname van die Afrikaanse poësie. http://www.litnet.co.za/seminaar/konrij.asp Datum van gebruik: 7 Okt. 2005.

**Koerantberigte**

- In aanhalings uit *koerantberigte* waar die outeur onbekend is, is die inskrywing onder Anon.

  **Voorbeeld** van skryfwyse **in die teks** van die artikel:

  > Onlangs is met verontwaardiging gestel dat "net die opspraakwekkendste gegewens in 'n roman die koerant haal" (Anon., 2005:11).

  **In die bronnelys**:

  > ANON. 2005. Kritici peper die media. *Beeld*: 11, 17 Feb.

- Koerantberigte waar die skrywer wel genoem word:

  **Voorbeeld** van skryfwyse **in die teks** van die artikel:

  > 'n Briefskrywer het byvoorbeeld genoem dat ouers toenemend betrokke behoort te raak by hulle kinders se onderrig (De Klerk, 2005:9).

  **In die bronnelys**:

  > DE KLERK, S. 2005. Ouers – dis julle taak! *Beeld*: 9, 23 Feb.

13. **Bladuitleg**: Titel van artikel en paragraafopskrifte – (nie hoofletters nie, behalwe waar hoofletters noodsaaklik is.

14. **Menings en kopiereg**: Menings wat in die artikels uitgespreek word, is telkens dié van die betrokke outeur en word **nie** noodwendig deur die Redaksie of die *Koersvereniging van Suid-Afrika* onderskryf nie. Kopiereg berus by die tydskrif.

15. **Bydraes en korrespondensie en intekengeld**: Intekengeld beloop R140/$70 per jaar. Los eksemplare word ook verkoop. Alle bydraes en korrespondensie kan gerig word aan:

    *Koers*
    Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte
    Bussie 251
    Privaatsak X6001
    POTCHEFSTROOM
    2520

    Tel: (018) 299 4081
    Faksno: 086 564 7983
    E-posadres: susan.lourens@nwu.ac.za

# VROEË ADOLESSENTE SE PERSEPSIES VAN HULLE PRIMÊRE VERSORGERS SE BETROKKENHEID BY DIE SKOOLGEMEENSKAP IN 'N HOË-RISIKO OMGEWING

Leandra Cronje

Izanette van Schalkwyk

Noord-Wes Universiteit (Potchefstroom Kampus), Suid-Afrika

Verwys alle korrespondensie aan Izanette van Schalkwyk, P/a Mev. Leandra Cronje, PostNet Suite 259, Privaat Sak X22, Tygervallei, 7536, Suid-Afrika

e-pos: izanette@telkomsa.net

e-pos: cronje.leandra6@gmail.com

Tel nr: 27-78-952-6858

**AFDELING B**

Mnr. Mandela, oud-president van Suid-Afrika, het mense wêreldwyd geïnspireer met sy uitgangspunt dat opvoeding die sleutel is om die wêreld ten goede te verander ("Education is the most powerful weapon which you can use to change the world"). Verskeie Suid-Afrikaanse adolessente vorm egter steeds deel van die hoë herhaal- en uitvalstatistiek in die land (Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, 2011:1-74). Alhoewel verskeie navorsers meld dat skoolprestasie en akademiese sukses van deurslaggewende belang is om positiewe jeugontwikkeling te bewerkstellig (You & Nguen, 2011; Louw, Bayat & Eigelaar-Meets :1-74, 2011), blyk dit dat skoolsukses nie bloot die slaag van eksamens behels nie, maar 'n spesifieke kombinasie van faktore insluit. Een van die fundamentele faktore is gesonde ouerbetrokkenheid by hulle kinders se skoolomgewings (Jodl, Micheal, Malanchuk, Eccles & Sameroff, 2001: 1247-1265; Tomyn & Cummins, 2010:405-418; You & Nguen, 2011:547-558; Hong & Ho, 2005: 32-42).

Die fokus van hierdie artikel is vroeë adolessente se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap. Die positiewe raamwerk van die Sielkunde omarm gesonde funksionering en meegaande emosionele gesondheid, asook daardie kwessies wat welstand bedreig (Seligman, 2011). Vroeë adolessente se persoonlike welstand is ten nouste gekoppel aan kollektiewe en verhoudingswelstand (Nelson & Prilleltensky, 2010:53-60). Die kontekstuele verstaan van verhoudingsprosesse en positiewe groei onder negatiewe toestande ("adversity") is 'n belangrike lens vir wetenskaplike verkenning (Ungar, 2000; Ungar, 2008:218–235). Gesonde ontwikkeling behels die deelwees van gesinne en Suid-Afrikaanse wetgewing is verander sodat ook kinders wie se biologiese ouers ontbreek, blootgestel kan word aan die belewing van 'n ouerhuis (SASA, 1996:np). Dit beteken dat verskeie primêre versorgers wat die rol van ouers vertolk, nie noodwendig die biologiese ouers van hul kinders is nie. Die ervaring van 'n gesonde huisgesin en hegte verhoudings wat sosiale kapasiteit en verhoudingskapitaal bou, is 'n onontbeerlike aspek van welstand (Louw, Van Ede & Louw, 2001; Seligman, 2011). Die ervaring van gesonde verhoudings bied 'n rykdom van sosiale bronne wat alle kinders en vroeë adolessente se welstand kan beskerm en toenemend bevorder (Keyes, 2007: 95-108). Fredrickson (2009) meld ook dat algehele welstand bevorder word deur die belewing van gesonde verhoudings en hegte verbintenisse en dat positiewe emosies soos liefde en hoop die aktiewe bestanddele is tot volgehoue welstand. Sy beklemtoon egter die gereelde gebruik van positiewe emosies, bykans soos deel van 'n gesonde dieet, aangesien emosies kortstondig van aard is (Fredrickson, 2013). Brooks (2006:297-314) dui aan dat die daaglikse insette van betrokkenheid soos primêre versorgers se liefdevolle belangstelling en gesprekke met hul vroeë adolessente, op die kort en langtermyn 'n grootse belegging kan bied in die skool-en-leefsukses van hul kinders. Positiewe verhoudings is 'n integrale deel van welstand: Dit blyk dat die teenoorgestelde ook waar is, naamlik dat

wanneer vroeë adolessente nie gesonde verhoudings beleef nie, hul welstand erg gestrem kan word.

Die volgehoue blootstelling aan en beoefening van positiwiteit ("positivity") het belangrike implikasies vir primêre versorgers sowel as hul kinders (Fredrickson, 2009). Fredrickson (2013) toon dat psigologiese gesondheid bevorder word deur positiewe verhoudings en dat gesonde selfagting fisiese gesondheid kan uitbou. Verder toon Fredrickson (2013) ook dat negatiewe toestande soos distres en depressie verlaag word wanneer mense gesonde konneksies met ander beleef. Die teenoorgestelde blyk ook waar te wees, naamlik dat die gebrekkige belewing van liefdesbetrokkenheid of die teenwoordigheid van lae vlakke van welstand en patologie, die groter waarskynlikheid van siektetoestande en verdere versteurings kan behels (Van Schalkwyk & Wissing 2013). Tipiese aanduiders van die afwesigheid van welstand vir adolessente is die belewing van 'n doellose bestaan en betekenisloosheid, soos adolessente wat nie hul skoolloopbaan voltooi nie; die belewing van disfunksionele verhoudings met hul primêre versorgers; identifisering met disfunksionele ander, soos bendelede of dwelmsmouse; negatiewe emosies soos woede of frustrasie; en die belewing van hulpeloosheid (Van Schalkwyk & Wissing 2010:53-60). Die genoemde aspekte het grootliks te make met die belewing, of nie, van verhoudings as hulpbronne van welstand.

Dit blyk dat die weelde van gesonde verhoudings méér behels as die blote blootstelling aan 'n ouerhuis-ervaring en versorging. Navorsers maan dat verhoudingswelstand nie net in die lig van interpersoonlike kontekste verstaan word nie (Felner, 2006); maar ook die interaktiewe en dinamiese aard van die individu wat konstant in verhouding is met ander én die omgewing (Nelson & Prilleltensky, 2010; Felner, 2006; Ungar, 2011). Felner (2006) beklemtoon die persoon-omgewing-transaksies wanneer kinders en adolessente langdurig aan armoede blootgestel word. Hierdie volgehoue belewing van voortdurende armoede beïnvloed die ontwikkelingsfases vanaf voorgeboorte tot volwassenenheid (Van der Merwe, Dawes, & Ward, 2012). Langdurige armoede word geassosieer met hoë-risikoomgewings. Hoë-risiko omgewings word gekenmwerk deur swak standaarde van behuising; hoë voorkoms van misdaad soos moord, diefstal en verkragting; alkohol- en substansiemisbruik; geweld, soos bendegeweld en gesinsgeweld; min opsies van naskoolse kindersorg; en gebrekkige blootstelling aan positiewe rolmodelle wat die drome en verwagtings van adolessente kan vorm (Felner, 2006; Delft-sensus, 2011). Verder blyk dit ook dat gemeenskappe en woongebiede met die hoë voorkoms van werkloosheid en sosiale stressors soos gesinsgeweld die impak van gesinsarmoede vergroot (Jaffee, 2006:149-164). Hierdie studies benadruk die effek van armoede en sosio-ekonomiese agterstand op adolessente in hoë-risikoomgewings, asook dat die hele spektrum van menslike gesondheid soos sosiale, emosionele, intellektuele en fisiese funksionering geraak word. Hoë-risiko omgewings en die voorkoms van onderpresterende skole bied besondere uitdagings vir akademiese prestasie asook gesonde sosiale funksionering (Louw,

Bayat & Eigelaar-Meets, 2011:1-74). Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, (2011:1-74) noem dat die meeste skoolhoofde en opvoeders in die Wes-Kaap die mening huldig dat die gebrek aan of onvoldoende belangstelling van ouers by hul kinders se skoolopleiding een van die belangrikste aanduiders van swak skoolprestasie is. Dit blyk dat indien ’n adolessent nie blootgestel is aan gesonde verhoudings by die huis- en skoolomgewings nie, die persoon nie outomaties gesonde verhoudings sal hê wanneer hy of sy volwasse is nie (Van Schalkwyk & Wissing, 2013). Hierdie afwesigheid van verhoudingswelstand kan eerder dui op die groter waarskynlikheid van mindere persoonlike sterktes. Stremmende verhoudingspatrone kan lei tot die voortsetting van negatiewe spirale van sosiale bronverlies, toenemende risikogedrag en psigologiese afwykings (Ungar & Teram, 2000:228-252).

## 1. **Redes vir die navorsing**

Die verkenning van die probleme van vroeë adolessente se verhoudings binne die konteks van skool en huis in ’n hoë-risiko Suid-Afrikaanse gemeenskap was nodig om die volgende redes:

Eerstens, alhoewel verskeie studies fokus op die probleme en risiko’s rakende die huis- en skoolomgewings in hoë-risiko gebiede, is die potensiaal en die groei-areas van die huis-en-skoolvennootskap in hoë-risiko Suid-Afrikaanse omgewings nog nie genoegsaam verken nie. Seligman (2011) meld dat navorsing binne die Positiewe Sielkunde gedoen moet word om daardie buffers bloot te lê teen risiko-gedrag vir gesonde ontwikkeling en aangeleerde optimisme.

Tweedens, behels die bou van gesonde verhoudings en hegte verbintenisse die versterking van die goeie of positiewe kwaliteite, asook die hantering van die slegte of negatiewe kwessies (Fredrickson, 2009). Die vroeë adolessente se gebroke verhoudings met primêre versorgers het negatiewe gevolge ten opsigte van algehele welstand, skoolprestasie en funksionering (Van Schalkwyk & Wissing, 2010:53-60; Keyes, 2009). Hierdie gebrekkige ouerbetrokkenheid strem ook die dinamiese invloed van die verhoudings tussen die primêre versorgers en die skoolgemeenskap (Reschley & Christenson, 2009: 89-106). Studies wat handel oor onderpresterende skole in die Wes-Kaap dui aan dat die passiewe of destruktiewe betrokkenheid van primêre versorgers nie net hul adolessentkinders se akademiese prestasie belemmer nie, maar ook ’n reuse uitdaging vir skole bied. Ook Kitching, Roos en Ferreira (2012:39-51) meld dat stremmende verhoudingspatrone gekenmerk word deur wedersyde frustrasies en wantroue tussen die skool- en huisgemeenskap. Gebrekkige verhoudings het belangrike implikasies vir welstand en gesonde ontwikkeling, aangesien optimale ontwikkeling en welstand aangedui word deur fasette soos positiewe verhoudings en doelbereiking (Keyes, 2005 & Seligman, 2011). Verbeterde betrokkenheid behels twee aspekte, naamlik die generering van inligting vanuit die belewings en verstaan van die vroeë adolessent om die

betrokkenheid van primêre versorgers by die skoolbelewings te identifiseer. Verder is hierdie inligting nodig sodat die negatiewe betrokkenheid meer effektief verminder en hanteer kan word; en sodat die gesonde betrokkenheid kan toeneem en doelgerig bevorder kan word (Fredrickson, 2009).

Derdens, is navorsing rakende kinders en adolessente broodnodig, aangesien hulle die land se toekoms 100 persent verteenwoordig (Keyes, 2007: 95-108). Suksesvolle skoolopleiding is belangrik vir langtermyndoelwitte, soos dat die individu toegerus word vir die arbeidsmark en wanneer doelwitte bereik word, hy of sy persoonlike aktualisering ervaar (Maslow, 1967). In die taal van die positiewe raamwerk van Sielkunde impliseer persoonlike welstand dan ook die ontginning of aktivering van daardie gesonde persoonlike krag om as individu hoër vlakke van algehele welstand te beleef (Seligman, 2011). Hierdie versterkte kapasiteit kan ook dui op gesonde funksionering soos die vasberadenheid van vroeë adolessente om studiedoelwitte te bereik, asook die kragtiger ondersteuning aan ander (Fredrickson, 2013). Oud-president Mandela se verwysing na opvoeding as die magtigste wapen om die wêreld (ten goede) te verander, dui binne die Afrika-perspektief waarskynlik nie bloot op die verryking of aktualisering van die self nie, maar beslis ook op die self en ander.

Vierdens, is dit nodig dat alle sosiale hulpbronne en veerkragtige hantering, soos die krag van gesonde interaktiewe konneksies by die huis- en skoolomgewing, verken moet word om persoonlike, kollektiewe en verhoudingswelstand te bou (Nelson & Prilleltensky, 2010). Om dié rede is alle toepaslike inligting nodig om hierdie kosbare kragbronne – wat nie noodwendig enige finansiële hulpbronne verg nie – te verken (Van Schalkwyk & Wissing, 2010:53-60). Die rol van ouers, huis-en-skoolverhoudings en ouerbetrokkenheid by die adolessent se skoolaktiwiteite is van kardinale belang tydens die adolessente-lewensfase. Verhoudingswelstand word gekortwiek wanneer primêre versorgers, ongeag sosio-ekonomiese stratifikasie, ouerbetrokkenheid hoofsaaklik verstaan as die verskaffing van leefmiddels, die beskerming teen gevare, soos bendegeweld en verkragting, eerder as die waarde van kognitief-intellektuele bystand en liefdevolle interaksie (Persoonlike gesprek met Laerskoolhoof, te Delft, Junie 2013).

Laastens was die studie nodig om die spesifieke siennings (“verstehen”) van vroeë adolessente te ontgin sodat intervensies meer effektief ontwikkel kan word vir die gesonde betrokkenheid van primêre versorgers by hul kinders in hoë-risikoomgewings (Van Schalkwyk & Wissing, 2013). Inligting, wat die waarde van kontekstuele faktore in ag neem, is broodnodig sodat negatiewe spirale, soos gebroke verhoudings, ontmagtigende gemeenskappe en akkumulerende faktore, soos hoë uitvalstatistiek en werkloosheid, nie voortgesit word nie.

## 2. Metode en prosedure

Hierdie studie het gebruik gemaak van die kwalitatiewe navorsingsmetode met ’n verkennende, beskrywende en kontekstuele fokus. Die fenomenologiese navorsingsontwerp is met vrug gebruik om die vroeë adolessente se persepsies en meegaande verhoudingsbelewenisse vas te stel (De Vos In Strydom et al.:142-157, 2011).

### 2.1 Deelnemers

’n Doelgerigte steekproef is gebruik om die omvang van die spesifieke inligting aangaande die fenomeen te verkry (Creswell, 2007). Twaalf leerders verbonde aan ’n primêre skool in ’n hoë-risiko Suid-Afrikaanse gemeenskap het aan die navorsingstudie deelgeneem. Beide seuns en dogters is as deelnemers geselekteer. Die deelnemers was almal Afrikaanssprekende persone van kleur. Die volgende kriteria is gebruik: taalvaardigheid – die deelnemers moes Afrikaans magtig wees ten einde taalkwessies of gebrekkige verstaan te vermy; ouderdom – deelnemers moes tussen twaalf en veertien jaar oud wees om die vroeë adolessente-leeffase te verteenwoordig; geslag – seuns en dogters is gekies as deelnemers; graad – deelnemers moes in graad ses of sewe wees en nie vorige skoolgrade meer as twee keer herhaal het nie; verblyf – primêre versorgers moes nie onwettige plakkers wees nie en moes inwoners van die Delft-gemeenskap (’n hoë-risiko gemeenskap) wees.

Demografiese inligting van die deelnemers aan die studie is verkry rakende die volgende faktore:

(i) aard van primêre versorgers (biologiese ouers of nie);

(ii) ouderdom van deelnemers;

(iii) skoolgraad (herhaling of nie); en

(iv) familie-verteenwoordiger by skoolbyeenkomste.

*Plaas tabel 1 asseblief hier (verwys asseblief Bylaag A)*

### 2.2 Demografiese inligting van die Delft-gemeenskap

Reschley en Christenson (2009:89-106) noem dat gebrekkige kongruensie en verhoudings tussen huis en skool deur hoë-risiko toestande gekenmerk kan word. Govender en Killian (2001:1-10) beklemtoon risikofaktore waaraan verskeie Suid-Afrikaanse jeugdiges blootgestel is, soos uitdagings en probleme van armoede,

informele nedersettings, werkloosheid van primêre versorgers, gebrekkige infrastruktuur en vervoerprobleme. Tydens die 2011-sensusopname in die Delft-omgewing is bevind dat a) slegs 29% van die inwoners wat twintig jaar en ouer is, graad twaalf en hoër voltooi het; b) armoede is bevestig deur die feit dat 76% van die inwoners se maandelike huishoudelike inkomste R3 200 of minder is; c) 76% van die inwoners woon in krothuise ("shacks"); en, d) 44.90% van die inwoners is werkloos , met ander woorde hule is nie ekonomies aktief nie (Sensus, 2011). Delft is een van die twintig gebiede in Suid-Afrika wat as hoë-risiko gebied geklassifiseer word (Persoonlike onderhoud met Kaptein Wilson, Oktober 2013, SAPD).

## 3. Etiese vereistes en prosedure

Etiese goedkeuring is verkry vir die navorsingsprojek by die etiekkomitee van die universiteit sodat die studie volvoer kon word. Daar is aan die nodige etiese vereistes voldoen en skriftelike ingeligte toestemming van die primêre versorgers van die deelnemers is verkry. Deelname was vrywillig en objektiwiteit, vertroulikheid en naamloosheid is verseker ten einde die deelnemers te beskerm. Opnames van onderhoude is gedoen met die goedkeuring van die deelnemers, en die getranskribeerde data is op 'n veilige plek bewaar. Data-insameling het plaasgevind deur collages (visuele materiaal), persoonlike onderhoude en die World Café-tegniek. Die collages het aan die deelnemers die geleentheid gebied om hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap uit te beeld deur middel van prente uit tydskrifte te knip en te plak. Die persoonlike onderhoude is gerig deur die inligting en unieke uitbeeldings van elke deelnemer se collage. Die World Café-tegniek is rondom drie vrae toegepas, naamlik: Wie help jou met jou huiswerk? Hoe is jou ouers/primêre versorgers betrokke by jou skool? Hoe is dit vir jou om in Delft te woon?

Die versamelde data is getranskribeer en die inligting is gebruik vir die data-analise. Tematiese analise soos beskryf deur Braun en Clark (2006: 77-101) is gebruik. Die proses behels om bekend te raak (bekendwording) met die inhoud van die groot hoeveelheid data (Kitching, Roos en Ferreira, 2012:39-51). Dit behels dat die rou data in die vorm van die twaalf onderhoudtranskripsies verskeie kere gelees en herlees word. Die proses van bekendwording het die maak van nuwe aantekeninge ingesluit om potensiële idees vir kodering met die oog op temas te vergemaklik. Aanvanklike kodes is per hand geïdentifiseer deur die gebruik van glimpenne en die rou data is gekodeer met die hulp van 'n onafhanklike kodeerder. Daarna is die data-gedrewe temas geïdentifiseer deur die interpretatiewe lees van die data. Uittreksels uit die data is in kodes omskryf en geklassifisseer. Die kodes is saamgevoeg as oorhoofse temas en opgesom in die vorm van 'n tabel. Uiteindelik is die temas verfyn om die essensie van die studie weer te gee.

Vertrouenswaardigheid is bewerkstellig deur die gebruik van verskillende data-insamelingstegnieke soos collages, persoonlike onderhoude, asook verskillende metodes van analise. Kristalisasie is gebruik soos uiteengesit deur Tracy (2010:837-851) en Ellingson (2009).

## 4. Bevindings en bespreking

Die bevindings van die studie sal vervolgens beskryf word. Die volgende vier temas is uit die ingesamelde data geïdentifiseer: algemene versorging as vereiste vir skoolbetrokkenheid; die emosionele aard van huis-en-skool-interaksies; die aard van primêre versorgers se betrokkenheid by die skool; en die hoë-risiko gemeenskap as konteks vir huis-en-skoolkonneksies.

*Plaas tabel 2 hier asseblief (verwys asseblief Bylaag B)*

### Tema 1 - Algemene versorging as vereiste vir skoolbetrokkenheid

Die deelnemers se subjektiewe verstaan of persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by hul skoolomgewing word eerstens gekenmerk deur die belewing van "ons is mos familie". Ouerskap en ouerbetrokkenheid word gemeet aan die voorsiening van basiese behoeftes en hierdie begrip behels die volgende: die voorsiening van basiese behoeftes soos kos, water, sanitasie, dak oor kop en klere: D12 "Nou bly hy (pa) ander kant, as ek na hom toe gaan dan jaag hy my weg van sy huis af so juffrou, hy stuur nie vir my geld nie juffrou en al daai goed, ek is nie so much oor hom nie." Hierdie basiese versorging is ook deel van Maslow se hiërargie van basiese behoeftes vir die mens (Maslow, 1968). Al die deelnemers het genoem dat die behoort aan 'n gesin baie belangrik is en dat hierdie familie gesien word as die plek waar hulle versorging verwag (Felner, 2006). Die belewing van armoede en gebrek behels in sommige huishoudings dat die basiese behoeftes soos kos eers voorsien word, voordat ander nodige items soos skoolskoene of luukshede oorweeg word. Hierdie belewing van gebrek is op 'n sobere manier verwoord tydens die persoonlike onderhoude op die volgende manier: D8 "Daar is miskien nie altyd iets vir ons by die huis om te eet of so nie, aunty. Ons eet miskien in die oggend voor ek skool toe kom, dan drink ek 'n koppie tee. En bietjie pap as daar is. En as ek uit die skool uit kom, brood as daar is aunty"; D2 "Die prentjie is omdat mamma en pappa sorg vir my vir kos dat ek eet, want 'n mens kan nie met 'n honger maag loop nie. En die prentjie is dat mamma en pappa sorg dat ek um …skooldrag het, want 'n kind moet… belangrik dat 'n kind 'n skooldrag het. En mamma en pappa sorg dat ons 'n dak oor onse koppe het, want ons kan nie in die straat in slaap nie".

Die kwessie van werkloosheid van die primêre versorgers speel 'n groot rol rakende die kwaliteit van die algemene versorging wat die deelnemers ondervind. Die betaling van

skoolfonds is ’n belangrike kwessie vir die leerders. Die skoolfonds by die betrokke skool is ’n geringe bedrag van R150.00 per jaar en tog is die skoolfonds deur die meeste primêre versorgers nie betaal nie. Net drie deelnemers se skoolfonds was betaal tydens data-insameling. Die deelnemers het wel sonder huiwering vertel wie verantwoordelik is vir die betaal van die skoolfonds. Dit beteken dat hulle weet dat dit ’n belangrike taak van die primêre versorgers is, maar die leerders hanteer hierdie verantwoordelikheid van die primêre versorgers, waaraan hoofsaaklik nie voldoen word nie, met ’n gelatenheid wat vergelyk kan word met aangeleerde hulploosheid: D2 “My ma en pa werk nie, maar my ma werk nou en dan en dan werk sy dan. Wat my pa werk nou vandat hy uit die dinges gekom het uit die tronk uit gekom het, werk hy nie”.

**Tema 2 - Emosionele aard van huis-en-skool-interaksies**

Die resultate het aangedui dat die emosionele belewing van die deelnemers se interaksie by die huis-en-skoolkonteks hoofsaaklik nie-negatief gekleur is. Dit beteken dat sogenaamde goeie ervarings hoofsaaklik weergegee is as die afwesigheid van negatiewe gebeure, soos die belewing van gesinsharmonie word verwoord as die afwesigheid van gesinsgeweld en rusie: D5 “Dat ek en my pa en my ma en my suster altyd met mekaar sal wees en gelukkige tye met mekaar sal hê. Dis ook nie altyd wat ek vir my ma-hulle hoor nie but ek wil graag vir my ma-hulle ook hoor as hulle vir my iets sê dat ek dit sommer doen”.

Die belewing van negatiewe emosies soos voortdurende vrees om moeilikheid te vermy of ten beste die slegte ervarings goed te hanteer, word meestal gekenmerk deur bangheid vir “skel” en lyfstraf. Deelnemers se belewing en hantering van negatiewe emosies soos aggressie is reaktief: D11 “As my ma-hulle my skel juffrou en ek raak nou kwaad, ek loop net weg juffrou.” Die belewing van veiligheid en aanvaarding wat kenmerkend is van gesonde menslike belewing (Fredrickson, 2013) is deur die deelnemers weergegee as die handhawing van emosies wat bloot mindere vrees behels. Maslow (1967) se hiërargie sluit ook die belang van emosionele ondersteuning vir gesonde menswees in.

Alhoewel die deelnemers wel na emosionele ondersteuning van hul primêre versorgers en opvoeders hunker en selfs op bykans idealistiese en oordrewe maniere dit verwoord (en uitbeeld met die collages), is hul hoofsaaklike belewing van negatiewe emosies alledaags. Sommige deelnemers het die belewing dat die skoolhoof en die primêre versorger, soos die ouma, planne maak om in die toekoms die moontlike herhaling van probleme te voorkom of selfs proaktief te hanteer: D1 “Hulle laat mens sigarettte rook juffrou en entjies en goete, ek wil mos nie daai doen nie juffrou. Ja my meneer weet, ek was twee laaities wat ook vriende gewees het saam met my juffrou wou hulle gehet het ek moet dagga saam met hulle rook in die toilet in, toe wil ek nie juffrou, toe rook hulle alleen, toe skors die hoof vir hulle. Hulle (die hoof en pa) sê jy moet kyk na jouself juffrou terwyl jy nog jonk is”.

Die emosionele ondersteuning wat hierdie deelnemers ontvang, is hoofsaaklik wanneer daar negatiewe gebeure by die skool is. Die primêre versorgers gaan skool toe wanneer die skoolhoof hulle kontak met inligting soos skooltuiswerk wat herhaalde kere nie gedoen is nie, of dat die kinders dagga by die skool gebruik. D2 "Ons het gaan bank by hulle huis en dinge dan bly ons uit. Dan roep die hoof ma in".

5. **Trooswoorde**

Die deelnemers beleef soms die weelde van emosionele ondersteuning, byvoorbeeld wanneer hulle by die skool in 'n bakleiery betrokke was: D4 "Dan sal hulle (ouma en tante) vir my sê ek moenie harsteer is nie of ek moenie ongelukkig is nie. Hulle sal my vashou."

6. **Gebrek aan emosionele ondersteuning**

Verskeie deelnemers beleef emosionele ondersteuning op 'n uiters gebrekkige manier: D11 "Nie met my nie, met my pa, want as ek nou vir my pa sê ek wil met my pa…daddy ek wil gou vir daddy iets sê, dan gaan my pa nou sommer beginne skel vir my want hy weet ek het iets sleg gedoen by die skool." Die dissiplineringstyl van die meeste primêre versorgers behels lyfstraf en dreigemente in 'n poging om die deelnemers te leer om hul skoolverantwoordelikhede na te kom. In dié opsig bevestig die primêre versorgers die skool se gesag, maar dit blyk dat hierdie manier van dissiplinering meer aggressie by die deelnemers wek en hulle gebruik ook geweld om moeilikhede te hanteer: D10 "As almal my so kwaad maak dan wil ek net vir hulle slaan…… Soos hulle praat van my ma wat oorlede is en dan raak ek gou kwaad, daai's die ding. Wat hulle moenie saam met my praat van daai nie."

In sommige gevalle word die negatiewe emosies, soos vrees, doelbewus gebruik om die deelnemers op 'n negatiewe manier te straf met die dreigement dat die deelnemers weggestuur sal word. D3 "Somtyds dan maak ek my ouma kwaad, dan sê sy, sy gaan my na my ma toe stuur. Dan voel ek nie lekker nie."

**Tema 3 - Die aard van die primêre versorger(s) se betrokkenheid by die skoolgemeenskap**

Dit blyk dat die deelnemers se primêre versorgers skoolbesoek nie positief beleef of met goeie sake assosieer nie. Volgens die deelnemers word die primêre versorgers deur die skoolpersoneel gekontak om die skool te besoek om hoofsaaklik slegte sake te hanteer. Die primêre versorgers of 'n familielid sal wel die skool besoek wanneer die kind in die moeilikheid is, soos met bakleiery: D8 "Toe kom sy (Ouma) skool toe, sy't nie my part gevat nie, sy't gesê ek moenie daai doen nie, ek moet nooit my hande lig vir 'n meisie sin nie."; of om moontlike probleme te hanteer, soos groepsdruk om dagga op die skoolgronde te gebruik: D1 "….hulle wou gehet het ek moes saam met hulle dagga rook in die toilet. Toe sê ek vir hulle nee juffrou,

toe praat die hoof saam met ons daaroor van die dagga gerokery….Toe kom my pa skool toe juffrou. Toe praat my pa saam met die hoof." Dit blyk dat die sin van behoort tog die negatiewe belewing temper, danksy die feit dat daar wel iemand is wat die deelnemers by die skoolomgewing as familie kan verteenwoordig.

Dit is nie ongewoon dat 'n familielid in die plek van die primêre versorger die skoolvergaderings bywoon nie: D4 "My broer gaan meetings toe by die skool. My aunty kan nie kom nie want sy's sieklik". Een van die deelnemers woon by die ouma en oupa as primêre versorgers, maar sy tante woon die skoolvergaderings by. 'n Ander deelnemer woon weer by die tante en die ouma as primêre versorgers, maar sy ouer broer is betrokke by die skoolsake en hulpverlening rakende skooltuiswerk. Dit blyk dat wanneer die vroeë adolessente se primêre versorgers nie by die skoolgemeenskap betrokke is nie, 'n ander lid van die uitgebreide familie wel die uiters belangrike taak waarneem.

Alhoewel daar nie formele sportafrigting by die skool is nie, geniet die deelnemers deelname aan ongeorganiseerde sport en die primêre versorgers woon dit soms by: D9 "Is daar miskien meetings is juffrou, dan gat my ma daar juffrou. En sokker. En al daai juffrou."

Verder blyk dit dat die deelnemers hoofsaaklik hul primêre versorgers se persepsies van studie en skoolsukses reflekteer. Hierdie verstaan van skoolsukses is beperk tot kategorieë van slaag of druip en die herhaling van grade is nie ongewoon nie: D7 "My meneer het gesê so nou en dan, dan doen ek goed". Dit blyk dat die deelnemers onrealistiese verwagtings het rakende hul toekomsplanne: Die collages beeld uit dat die deelnemers wel drome koester, byvoorbeeld om eendag te werk as 'n mediese dokter of 'n prokureur, maar hulle beskik nie oor die nodige inligting wat vir die verwerkliking van hierdie ideale nodig is nie. Dit blyk dat die deelnemers se vae toekomsperspektief en toekomsdrome nie ooreenstem met hulle skoolprestasie nie. Sekere deelnemers huiwer nie om gereeld sekere dae nie skool by te woon, of klasse en take te ontduik nie: D9 "Omdat juffrou ekke, ek gee nie al my werk in nie juffrou, is soos my juffrou miskien vir ons werk gegee het juffrou en dan vergeet ek… sê maar my juffrou gee my soos 'n taak juffrou dan moet ons dit huis toe vat juffrou dan vergeet ek om dit te doen juffrou."

Dis vir die deelnemers ongewoon dat hul ouers doelgerig planne maak sodat hul skoolprestasie kan verbeter en uitsiglose toekomsdrome en vae, of onrealisitiese toekomsdrome, is normaal. Sommige deelnemers se primêre versorgers handhaaf 'n mate van toesig rakende skooltuiswerktake: D5 "Ja, ek het eenkeer nie my huiswerk gedoen nie. Ek het my ma gesê. Ek het pak gekry. En toe sê my ma ek moet…my ma gat sorg dat ek elke dag my huiswerk doen. Dan sê my ma vir my of my ouma miskien vir my ek moet harder werk en ek moet die speel speelatjies aflos en beter op my skoolwerk konsentreer. D6 "Maar dis my

tweede jaar in graad ses. Sy (ma) help my met my wiskunde ook en om hoe ek, om die getalle uit te werk en daai goed, tipe goed."

**Tema 4 - Deelnemers se belewenisse van 'n hoë-risiko omgewing**

Al die deelnemers woon in die Delft-omgewing in die Kaapse Skiereiland. Hierdie gemeenskap is amptelik verklaar as een van Suid-Afrika se hoë-risiko omgewings. Al die deelnemers ken die belewings van onveiligheid en was reeds getuies van traumatiese ervarings van geweld: D1 "Oraait juffrou, maar dis 'n bietjie evil hier juffrou, skiet in die aande, rob die mense, steek mekaar met meste.". Hierdie blootstelling aan geweld in die Delft-gemeenskap is nie bloot stories vir die deelnemers nie, die belewings van geweld en agressiewe bakleiery is deel van hul persoonlike leefstories: D10 "Nie so lekker nie…Die guns skietery, hulle't my brother, vir my broer gesteek deur die longe. Hy was in dink twenty, daar in twenties. En al die deelnemers het reeds gesien hoe 'n persoon vermoor word, of is geraak deur die afsterwe van familielede as gevolg van gewelddadige aanvalle: D3 "My nefie, my een nefie was deur die been geskiet toe kom die bullet hier by sy enkel uit toe stuck die bullet en toe swell die so op…en my ander nefie was um 'n paar dae voor ou Christmas geskiet en toe ou Christmas begrawe ons hom."

Die hoë voorkoms van bendes en bendegeweld is bekende gebeure vir die deelnemers: D8 "My uncle is betrokke in gangsterism. Hy het al iemand doodgemaak al. Toe gat hy tronk toe." D12 "Ja juffrou, want die klein kindertjies word ook geskiet hier en die mense word uitgebrand met tyres en goed."

Naas die gevare van geweld, behels die leefstyl van die bendes ook groot risiko's, aangesien kinders en die deelnemers as vroeë adolessente aan substansies, alkohol en dagga bekendgestel word: D11 "Is nie eintlik lekker nie, want jy sien baie keer hoe hulle mense doodmaak en mense wat dwelms gebruik, somtyds is dit sommer meisiekinders wat jonk is, dan gebruik hulle tik en al daai goeters." Deelnemers is op 'n eerlike manier bewus van die implikasies van die destruktiewe gedrag soos hulle dit beleef as die kinders van die gemeenskap: D9 "Ja, hulle het al vir my gerob juffrou. Kinders juffrou, juffrou, se ma die kinders van my ouderdom juffrou, hulle wil al gangsters wees al".

Die deelnemers het ook verwoord dat hul gemeenskap deur die impak van erge armoede geknel word: D2 "Dis nie mooi om te sien hoe lyk die plek nie. Um… die kinders, sommige van die kinders is honger en dan slap hulle buite, hulle het nie klere nie, hulle word siek van die kouete, ja en hulle's hartseer. Verdere vorme van risikogedrag soos tienerswangerskappe en geweld soos verkragting is deur die deelnemers geïdentifiseer: D5 "Dat jong meisies op dertien op pregnant word. Dat hulle die kinders rape. En kinders word weg daarso." 'n Verdere aspek van armoede wat al die deelnemers ervaar, is die volgende:

Alhoewel veiligheid ’n uiters belangrike saak is (Maslow beskou dit as die eerste vlak van gesonde menslike belewing) en hierdie gemeenskap gekenmerk word deur ’n hoë voorkoms van geweld, stap die deelnemers almal soggens skool toe sonder die begeleiding van ’n volwasse persoon en weer terug huis toe smiddae. Dit beteken dat hulle nie vervoer of die beskerming van hul primêre versorgers het wanneer hulle noodgedwonge na hul skool- of ander bestemmings stap nie.

## 7. Bespreking van die temas

Die temas wat in hierdie studie onderskei is, was algemene versorging as vereiste vir skoolbetrokkenheid; die emosionele aard van huis-en-skool-interaksies; die aard van primêre versorgers se betrokkenheid by die skool; en die hoë-risiko gemeenskap as konteks vir huis-en-skoolkonneksies. Dit word vervolgens kortliks bespreek.

Tema 1: Govender en Killian (2001:1-10) meld dat die primêre versorgers van kinders wat in agtergeblewe en hoë-risiko gemeenskappe woonagtig is, nie noodwendig die jonges se biologiese ouers is nie. Hierdie studie het gevind dat slegs drie van die twaalf deelnemers by hul biologiese ouer(s) woon en dit beteken dat die meeste deelnemers nie by hul biologiese ouers woon of deur hulle versorg word nie. Primêre versorgers word deur die vroeë adolessente beskou as die verteenwoordigers van die familie wat verantwoordelik is vir hul algemene versorging en veiligheid. Hierdie basiese voorsiening van behoeftes soos behuising, kos, klere en veiligheid is noodsaaklike vereistes vir die deelnemers se skoolloopbaan, skoolervarings en uiteindelike skoolsukses.

Tema 2: Fredrickson (2009; 2013) noem dat positiewe emosies daardie bestanddele behels wat warm konneksies en gesonde interaktiewe betrokkenheid bou. Die deelnemers se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolomgewing is hoofsaaklik negatief gekleur, omdat skoolbesoek plaasvind  wanneer die skoolhoof primêre versorgers ontbied om negatiewe of risikogedrag te hanteer. Dit blyk dat die negatiewe emosionele belewing van die vroeë adolessente te make het met die primêre versorgers se negatiewe assosiasies met die skoolomgewing, asook die alledaagse en gereelde ervaring van aggressie, vrees en teleurstelling van beide vroeë adolessente en versorgers. Emosies kan beskryf word as die response van die mens op grond van hul interaktiewe omgang met ander mense of die natuurlike omgewing (Leaf, 2009). Die vroeë adolessente se responsiewe negatiwiteit (Fredrickson, 2013) behels minder psigologiese, sosiale en emosionele gesondheid, aangesien die meerdere belewing van positiewe emosies soos blydskap, hoop en volharding teenoor negatiewe emosies (Fredrickson, 2009) lei tot verbeterde prestasievermoë en algemene gesondheid. Verder is die nodige belewing van veiligheid in die eksterne, naamlik die hoë-risiko omgewing, asook die huisomgewing uiters gebrekkig vir die vroeë adolessente. Fredrickson (2013) maan dat die vorming van warm verbintenisse en gesonde gehegtheid slegs binne die

ervaring van emosionele veiligheid kan plaasvind indien die noodsaaklike vereistes vir toenemende welstand, persoonlike ontwikkeling en goeie gesondheid daar is. Aan die anderkant is dit duidelik dat die vroeë adolessente smag na die aandag van hul primêre versorgers. Die geringste blyke van positiewe terugvoering ten opsigte van skoolsukses of bemoediging rakende skoolprobleme bou die adolessente se persoonlike hulpbronne en krag.

Tema 3: Die aard van die primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap is aangedui as skoolbesoeke wat gemik is op die hantering van problematiese kwessies, soos leerders wat dagga gebruik of versuim om skooltuiswerk te doen. Louw, Bayat en Eigelaar-Meets (2011:1-74) meld dat primêre versorgers se lae vlakke van skoolopleiding of ongeletterheid ’n moontlike faktor is wat kan bydra tot gebrekkige ondersteuning, aangesien die primêre versorgers nie die waarde van skoolopvoeding hoog ag nie. Agt van die twaalf deelnemers aan hierdie navorsing het reeds skoolgrade herhaal. Hierdie onvoldoende betrokkenheid van primêre versorgers by die skoolomgewing is ’n bydraende faktor tot leerders se volgehoue swak skoolervarings, swak skoolbywoning en hoë herhaalsyfers (Louw, Bayat, & Eigelaar-Meets, 2011:1-74). Dit blyk ook dat vroeë adolessente se swak skoolprestasie gekoppel kan word aan faktore soos swak toesig van die primêre versorgers rakende skooltake en min belangstelling of pogings om skoolprestasie daadwerklik te bevorder. Dit blyk dat vroeë adolessente hul primêre versorgers se persepsies van skoolsukses, naamlik die slaag van ’n skoolgraad of nie, as aanduider van skoolsukses in ’n groot mate reflekteer. Verder toon die bevindings dat die deelnemers (vroeë adolessente) aanvaar dat indien die primêre versorgers nie by die skoolgemeenskap betrokke is nie, die taak deur ’n ander familielid waargeneem word. Die primêre versorgers word gesien as familie en dit blyk dat die onderskeiding tussen primêre versorgers en familie hoofsaaklik kultureel bepaal word.

Tema 4: Hoë-risiko omgewing soos verstaan deur deelnenemers. Studies (Nelson & Prilleltensky, 2010; Felner, 2006; Ungar, 2011) meld die interaktiewe en dinamiese aard van die individu wat konstant in verhouding is met ander én die omgewing. Felner (2006) beklemtoon die persoon-omgewing-transaksies wanneer kinders en adolessente langdurig aan armoede blootgestel is. Hierdie interaksie is verwoord deur die deelnemers as persoonlike belewings van trauma wat gepaardgaan met vrees: Baie van die deelnemers het al waargeneem hoe iemand vermoor word, waar ander deelnemers weer familie aan die dood afgestaan het as gevolg van geweld in hierdie hoë-risiko omgewing. Hoewel hierdie hoë-risiko gemeenskap vol geweld is, loop die deelnemers steeds almal alleen skool toe en laat sekere ouers selfs hul kinders toe om saam met hulle dagga te rook. Al twaalf deelnemers aan hierdie studie word geraak deur elemente van die hoë-risiko omgewing in Delft. Al hierdie leerdes is al op direkte en/of indirekte vlak geraak deur bendegeweld. Baie van die deelnemers is direk geraak waar ’n familielid deel van ’n bende is en ander weer waar ’n familielid of vriend gesterf het as gevolg van

bendegeweld. Die deelnemers het genoem dat hulle vir hul eie en en hul families se lewens vrees in Delft oor al die bendegeweld.

## 8. Bespreking van bevindings

Daar is genoem dat die betrokkenheid van primêre versorgers van beslissende belang is vir skoolsukses. Hierdie daaglikse insette is ’n ryke belegging in die huidige en toekomstige welstand van vroeë adolessente (Brooks, 2006: 297-314). Die bevindings van hierdie studie dui daarop dat die basiese komponente in plek moet wees sodat interaktiewe handeling en goeie verhoudings tussen die primêre sosialiseringsagente van jonges kan plaasvind. Verder is die daaglikse blootstelling aan die eksterne, naamlik ’n hoë-risiko omgewing, wat gekenmerk word deur voortdurende armoede, en die euwels van bendegeweld, misdaad en ontbering, genoem. Dit blyk dat die probleme rakende die betrokkenheid oorheers en die vroeë adolessente as ontmagtigdes ’n wrede wêreld ingewerp is (Heidegger, 1927:189). Die persepsies van die vroeë adolessente is inderdaad hoofsaaklik negatief gekleur en die vroeë adolessente se belewing van die primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap dui op uiters gebrekkige vlakke. Hierdie afwesigheid van gesonde betrokkenheid kan bydra tot die belewing van lae vlakke van welstand vir vroeë adolessente (Van Schalkwyk & Wissing, 2010:53-60).

Die kosbare belegging van ouerbetrokkenheid by die adolessent as waardevolle potensiaal is belangrik op alle vlakke van ontwikkeling ten einde die adolessent te begelei tot welstand en fleur. Die bevindings ondersteun vorige navorsing wat aandui dat die kapasiteit en sosiale kragbron van gesonde verhoudings méér behels as net die blootstelling aan ouerhuis-versorging. Terwyl algemene versorging ook finansiële hulpbronne veronderstel, openbaar die bevindings van hierdie studie dat vroeë adolessente smag na hul primêre versorgers se skat van liefdevolle geborgenheid, troosvolle woorde, en hoopvolle planne wat geen geld impliseer nie. Die ontginning van gedeelde positiwiteit (Fredrickson, 2013) en die belewing van dankbaarheid vir gesondheid en intellektuele vermoëns as karaktersterktes (Peterson & Seligman, 2004) dui op potensiaal vir vroeë adolessente en hul primêre versorgers wat met vrug ontwikkel kan word vir gesonde funksionering, doelbereiking en gesonde betrokkenheid.

Verder beklemtoon die bevindings ook standpunte dat verhoudingswelstand in die lig van interpersoonlike kontekste én die omgewing verstaan moet word. Dit is die kombinasie van al hierdie faktore wat ’n rol speel om skool- en leefsukses te bewerkstellig. Een van die belangrike kennisvennote is vroeë adolessente se primêre versorgers en hul daaglikse betrokkenheid. Hierdie leef van die alledaagse in ‘n hoë-risiko omgewing behels die eerlike ken en herken van die kwessies wat welstand kan bou of breek. Mnr. Mandela, oud-president van Suid-Afrika het mense inderdaad wêreldwyd geïnspireer met sy leefvoorbeeld dat persoonlike welstand en karakterkrag die sleutel is om ‘n wêreld ten goede te verander.

9. **Verwysings**


BRAUN, V., & CLARKE, V. (2006). Using thematic analysis in psychology. London: Edward Arnold Publishers. Qualitative Research in Psychology, 3:77-101.

BROOKS, R.B. (2006). The power of parenting. In S. Goldstein & R.B. Brooks (Ed.), Resilience in children. New York: Springer.

CENSUS. 2011.

https://www.capetown.gov.za/en/stats/Documents/2011%20Census/Wards/2011_Census_CT_Ward_106_Profile.pdf. Date of access: 28 October, 2013

CRESWELL, J. W. (2007). Qualitative Inquiry And Research Design: Choosing Among Five Approaches. London: Sage Publications.

ELLINGSON, L.L. (2009). Engaging crystallization in qualitative research : An introduction. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications Ltd.

FELNER, R.D. (2006). Poverty in childhood and adolescence. In Goldstein and Brooks (Ed.), Resilience in children. New York: Springer.

FREDRICKSON, B. L. 2009. Positivity. New York: Three Rivers Press

FREDRICKSON, B. L. 2013. Updated Thinking on Positivity Ratios. American Psychologist [Advance online publication]. Doi: 10.1037/a0033584

GOVENDER, K. & KILLIAN, B.J. 2001. The psychological efffects of chronic violence on children living in South African townships. South African Journal of pshycology , 31(2), 1-10

HEIDEGGER, M. 1927. Being & Time. (Sein und Zeit).Tubigen: Niemeyer Uitgewers

HONG, S., & HO, H.-Z. 2005. Direct and indirect longitudinal effects of parental involvement on student achievement: Second order latent growth modeling across ethnic groups. Journal of Educational Psychology, 97(1), 32–42.

JAFFEE, S.R. 2006. Family violence and parent psychopathology . In S. Goldstein & R.B. Brooks (Eds.), Resilience in children. New York: Springer

JODL, K.M. MICHAEL, A. MANLANCHUK,O. ECCLES, J.S. & SAMEROFF, A. July/August,2001. Parents' roles in shaping early adolescents' occupational aspirations. Child development, July/August 2001. Volume 72, Number 4. Pages 1247-1265.

KEYES, C.L.M. 2005. Mental illness and/or mental health? Investigating axioms of the complete state model of health. Journal of consulting and clinical psychology, 73 (3) 539-548.

KEYES, C.L.M. 2007. Promoting and protecting mental health as flourishing. American psychologist: 62(2)95-108.

KEYES, C.L.M. (2009). The nature and importance of positive mental health in America's adolescents. In Gilman, Huebner & Furlong (Ed.), Handbook of Positive Psychology in schools. New York: Routledge.

KITCHING, A., ROOS, V.en FERREIRA, R. 2012. Towards an understanding nurturing and restraining relational patterns in school communities. Journal of psychology in Africa 22 (2). 39-51

LEAF,C. 2009. Who switched of my brain? Southlake:Thomas Nelson Publishers.

LOUW, W., BAYAT, A. & EIGELAAR-MEETS, I. (2011). A report of underperforming secondary schools in the Western Cape. Institute of Social Development. University of the Western Cape, Bellville.

LOUW, D.A. VAN EDE, D.M. LOUW, E.A. 2001. Menslike ontwikkeling. Derde uitgawe. Kaapstad. Kagiso. Tersier.

MALGARTE, C.R. 2013. Persoonlike onderhoud: Skoolhoof

MASLOW, A.H. 1968. Toward a psychology of being. Princeton: Van Nostrand.

NELSON, G., & PRILLELTENSKY, I. 2010. Community psychology, in pursuit of liberation and well-being. 2de uitgawe. New York: Palgrave Macmillan

PRILLELTENSKY, I. 2005.: Promoting well-being: Time for a paradigm shift in health and human services. Scandinavian journal of public health. 33 (66) 53-60.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1996. Suid-Afrikaanse Skolewet Wet 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukkery

RESCHLEY, A.L. & CHRISTENSON, L.S. 2009. Parents as essential partners for fostering students' learning outcomes. In R. Gilham, E.S. Huebner & M.J. Furlong (Eds.), Handbook of Positive Psychology in schools. New York: Routledge

SELIGMAN, M.E.P. 2011. Flourish. New York: Simon & Schuster Inc.

STRYDOM, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In DE VOS, A.S., STRYDOM, H. FOUCHE, C.B. & FOUCHE, C.S.L. DELPORT (Eds.) Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions (4th edition). Pretoria: Van Schaik.

TOMYN, A.J. & CUMMINS, R.A. 2010:405-418. The Subjective Well-being of High-School Students: Validating the Personal Well-being Index—School Children School of Psychology, Deakin University, Burwood, VIC, Australia e-mail: robert.cummins@deakin.edu.au

TRACY, S.J. 2010. Qualitative Quality: Eight “Big-Tent” criteria for excellent research. Qualitatve Inquiry. 16(1):837-851.

UNGAR, M. 2008. Resilience across cultures. British Journal of Social Work, 38, 218–235

UNGAR,M. 2011. Counseling in challenging contexts: Working with individuals and families accross clinical and comunity settings. Belmont, CA: Brooks/Cole.

UNGAR, M., & TERAM, E. 2000. Drifting toward mental health. High risk adolescents and the process of empowerment. Youth and society, 32 (2), 228-252

VAN SCHALKWYK, I., & WISSING, P. (2010). Psychosocial well-being in a group of South African adolescents. Journal of Psychology in Africa, 20(1), 53-60.

VAN SCHALKWYK, I. & WISSING, M.P. (2013). Evaluation of a programme to enhance flourishing in adolescents. In Wissing (Ed.), Well-being research in South Africa. Dordrecht: Springer:

VAN DER MERWE, WARD, C., A. & DAWES, A. (2012) Youth Violence: Sources and Solutions in South Africa. UCT Press

WILSON, J. (2013). Polisiekaptein Delft

YOU, S. & NGUYEN, J. T. 2011. Parents' involvement in adolescents' schooling: a multidimensional conceptualisation and mediational model. 31(5), 547-558. DOI.

**AFDELING C**

OPSOMMING, EVALUERING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Hierdie hoofstuk behels die bespreking van die navorsingsbevindings, moontlike beperkings van die studie en aanbevelings. Die hoofstuk sal eindig met 'n samevattende gevolgtrekking.

## 1. Evaluering van die navorsing

Die persepsies van vroeë adolessente rakende hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap was die fokus van hierdie navorsing. Die kwessie van konteks is spesifiek belig en die studie is gedoen in 'n hoë-risiko gemeenskap in die Kaapse Skiereiland, Suid-Afrika. Die navorsing is aangepak binne die denkraamwerk van die Positiewe Sielkunde om probleme, asook die potensiaal, van die genoemde probleemkwessie te verken. Verder is die ekologiese benadering vir menslike bestaan en funksionering beklemtoon.

Die navorsingsvraag is as volg geformuleer: Wat is vroeë adolessente se perspesies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap in 'n hoë-risiko omgewing? Die navorsingsdoelstelling behels vroeë adolessente se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap sodat hierdie inligting gebruik kan word vir gemeenskapsbetrokkenheid en positiewe jeugontwikkeling; die weergee van die bevindings aan instellings soos die Wes-Kaap Onderwys Departement ten einde die belangrikheid van ouerbetrokkenheid te beklemtoon en doelbewus te ontgin; en die verskaffing van inligting wat kan dien as grondslag vir verdere navorsing en moontlike intervensies.

Vervolgens word die navorsingsbevindings soos verkry met verskeie tegnieke van die kwalitatiewe benadering bespreek.

## 2. Bevindings

Die volgende temas is deurlopend by al die deelnemers gevind: algemene versorging as vereiste vir skoolbetrokkenheid; die emosionele aard van huis-en-skool-interaksies; die aard van primêre versorgers se betrokkenheid by die skool; en die hoë-risiko gemeenskap as konteks vir huis-en-skoolkonneksies.

### Tema 1 - Algemene versorging as vereiste vir skoolbetrokkenheid

Skoolbetrokkenheid behels verskeie faktore en die voorsiening van basiese behoeftes, soos kos en klere, kan nie as vanselfsprekend aanvaar word nie. Die primêre versorgers verteenwoordig daardie persone wat behoort te sorg. Die kwessie van werkloosheid van primêre versorgers speel 'n groot rol rakende die kwaliteit van die algemene versorging wat die deelnemers ondervind. Dit raak die voorsiening van daaglikse kos, skoolklere,

skryfbenodigdhede, die suksesvolle doen van skooltake en die betaling van skoolfonds. Skoolfonds (R150.00 per jaar) word deur meer as sestig persent van die deelnemers se primêre versorgers nie betaal nie. Verder is die vroeë adolessente genoop om na die skoolgebou te stap, aangesien primêre versorgers nie oor 'n eie voertuig beskik nie. Dit het geweldige implikasies vir persoonlike veiligheid. Skoolbywoning van vroeë adolessente omvat ook die ontwikkeling van intellektuele vaardighede sodat skoolsukses kan plaasvind. Die bereiking van hierdie leefdoelwitte dui op veerkragtige hantering en verskeie planne om naas die stryd om oorlewing ook gesonde selfdoeltreffendheid te ontgin. Hierdie hulpbronne is direk gekoppel aan die daaglikse insette van primêre versorgers en hul voorbeelde van leef. Die dinamiek van hierdie interaktiewe betrokkenheid behels vir die vroeë adolessent in die betrokke gemeenskap baie probleme (soos armoede, honger en armmoedige hantering van persoonlike verantwoordelikhede). Aan die ander kant bied die veelheid van moontlikhede daardie taaiheid om méér as die oorleef te verwesenlik. Dit is duidelik dat skoolbetrokkenheid by die skoolgemeenskap verskeie belangrike faktore insluit.

**Tema 2 - Emosionele aard van huis-en-skool-interaksies**

Die interaksie van die huis-en-skoolkonteks is hoofsaaklik negatief gekleur en die hantering van die slegte sake soos mislukking of moontlike risikogedrag is 'n werklikheid vir die vroeë adolessente en die primêre versorgers. Alhoewel die deelnemers wel na emosionele ondersteuning van hul primêre versorgers en opvoeders hunker, en dit selfs op bykans idealistiese en oordrewe maniere verwoord (en uitbeeld met die collages), is die hoofsaaklike belewing van negatiewe emosies alledaags. Die gereelde ervaring van negatiewe emosies soos vrees vir verwerping (emosionele misbruik) of verkragting (seksuele misbruik) is realistiese vrese vir die vroeë adolessente. Daarteenoor is die belewing van positiewe emosies soos 'n familielid wat troosryke drukkies gee of die lekkerte van 'n primêre versorger wat informele sportbyeenkomste bywoon ook werklike en ware belewings vir die vroeë adolessente.

**Tema 3 - Die aard van die primêre versorger(s) se betrokkenheid by die skoolgemeenskap**

Dit blyk dat die deelnemers se primêre versorgers skoolbesoek nie as 'n positiewe belewing ervaar of met goeie sake assosieer nie. Dit is nie ongewoon dat 'n familielid in die plek van die primêre versorger die skoolvergaderings bywoon nie: Alhoewel daar nie formele sportafrigting by die skool aangebied word nie, geniet die deelnemers deelname aan sport. Verder blyk dit dat die deelnemers hoofsaaklik hul primêre versorgers se persepsies van studie en skoolsukses reflekteer. Dit is vir die deelnemers ongewoon dat hul ouers doelgerig planne maak sodat hul skoolprestasie kan verbeter en uitsiglose toekomsdrome en vae of onrealisitiese toekomsdrome is normaal.

**Tema 4 – Deelnemers se belewenisse van 'n hoë-risiko omgewing**

Bykans al die deelnemers binne hierdie hoë-risiko omgewing is al op 'n direkte en/of indirekte wyse geraak deur trauma as gevolg van geweld (veral bendegeweld). Verskeie leerders het al gesien hoe iemand vermoor word, terwyl ander weer op 'n indirekte manier geraak is, soos byvoorbeeld 'n familielid wat aan 'n bende behoort en in die tronk was as gevolg van die moord. Die deelnemers het genoem dat kinders in hul skool alreeds daarvan droom om deel van 'n bende te wees. Alhoewel dit 'n onveilige gebied is, loop elf van die twaalf deelnemers alleen skool toe en terug. Slegs een deelnemer se vader neem hom skool toe. Die deelnemers het almal gesê dat dit nie lekker is om in Delft te woon nie, want hulle is bang. Die meeste van die deelnemers het ook bekend gemaak hoe hulle deur armoede geraak word. Van die leerders het nie elke dag kos om te eet nie en ander se ouers/primêre versorgers koop eers kos voordat skoolklere en ander noodsaaklikhede enigsins oorweeg word. Die deelnemers (hoewel hulle tussen twaalf en veertien jaar oud is) ken al die tipes dwelmmiddels by die naam. Hulle almal noem dat daar baie dwelms in die gebied is. Hulle het ook genoem dat laerskoolkinders ook op die skoolgrond dagga en tik gebruik as hulle by die huis is. Een van die deelnemers is al genader om dagga te verkoop, maar hy het geweier. Een van die leerders is ook al geroof van sy taxi-geld.

Hoewel goeie skoolprestasie en ouerbetrokkenheid van kardinale belang is om welstand onder vroeë adolessente te bevorder, gebeur dit grootliks nie in hierdie hoë-risiko gemeenskap nie. In hierdie gemeenskap is daar 'n gebrekkige betrokkenheid van primêre versorgers by vroeë adolessente. Dit word deels daaraan toegeskryf dat hulle self oor lae vlakke van opvoeding beskik en ook nie toekomsgerig is nie (Theron, 2007).

3. **Beperkings van die studie**

Die beperkings van hierdie studie is die volgende: Eerstens, alhoewel al die deelnemers aan die studie in dieselfde hoë-risiko gemeenskap woonagtig is, was die deelnemers beperk tot persone van kleur wat Afrikaanssprekend is. Dit beteken dat nie alle kulture, soos Xhosa-jonges van die Wes-Kaapse Delft-gemeenskap verteenwoordig is in hierdie navorsing nie. Tweedens is die studie slegs by een skoolgemeenskap in die hoë-risiko omgewing gedoen. Derdens, aangesien die studie in 'n hoë-risiko gemeenskap gedoen is, beteken dit dat sosio-ekonomiese stratifikasie 'n rol speel en die bevindings met groot omsigtigheid gebruik moet word vir vroeë adolessente wat nie voortdurende armoede beleef nie. Laastens moet genoem word dat daar net op die vroeë adolessente-leeffase gefokus is en nie op ander ontwikkelingsfases nie. Die navorsingsbevindings kan nie tot alle adolessente veralgemeen word nie en verdere navorsing is nodig met die oog op die ander ontwikkelingsleeffases en ouerbetrokkenheid.

## 4. Aanbevelings

Die navorser wil graag die volgende aanbevelings maak ten opsigte van verdere navorsing: Eerstens is daar verdere navorsing nodig om ouers/primêre versorgers se betrokkenheid in ander Suid-Afrikaanse omgewings (provinsies) te verken, asook ander kultuurgroepe soos Xhosa-en Zulusprekendes.

Verdere navorsing met graad Sewe- en Agt -leerders in hoë-risiko omgewings is nodig om ook hul positiewe emosionele belewings rakende skoolsukses en die oorkoming van uitdagings ten opsigte van hul primêre versorgers te verken. Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, (2011) verwys na die uitdagings vir graad Agt-leerders wat dui op ontmagtigende ekologieë, en ook die persoonlike verantwoordelikhede en karakterkrag wat ontwikkel moet word. Verdere navorsing is nodig om die doelgerigte ontwikkeling van graad Sewe- en Agt-leerders se persoonlike krag te bou as agente van persoonlike en kollektiewe welstand.

## 5. Aanbevelings vir skole

(i) Die eerlike identifisering en weergee van leerders se prestasie en die beklemtoning van die kwessies wat sukses bewerk en bevorder, soos die toegewyde doen van skooltake.

(ii) Die eerlike identifisering en weergee van primêre versorgers se betrokkenheid tot leerders se skoolsukses, soos die aanklop om hulp om probleme met leerkwessies te hanteer of moontlikhede tot verbeterde skoolsukses te ontgin, soos deelname aan leesprojekte.

(iii) Skole in hoë-risiko gemeenskappe kan ouerbetrokkenheid voortdurend aanmoedig deur spesifieke en ook verskillende projekte te loods om moeders en vaders te betrek.

(iv) Swak-presterende skole kan ook bondgenote met goed-presterende Suid-Afrikaanse skole sluit om spesifiek ouerbetrokkenheid te bou.

(v) Skole kan ook programme loods om daardie spesifieke skoolgemeenskap se ouers te bemagtig met die aanbieding van opvoedkundige programme, soos rekenaarvaardighede.

## 6. Aanbevelings vir primêre versorgers

(i) Die primêre versorgers moet gevra word om kursusse by te woon wat aan hulle die nodige gereedskap gee ten einde betrokke te raak en te help met huiswerk.

(ii) Ouers kan geleer word wat die belangrikheid is van emosionele ondersteuning.

(iii) Ouers moet bewus gemaak word van die feit dat die bose kringloop van armoede voortgesit sal word vir die volgende geslagte indien daar nie daadwerklik iets aan die probleem gedoen word nie.

(iv) Dit is belangrik dat ouers vergaderings bywoon sodat hulle op hoogte kan bly van die kind se vordering.

7. **Aanbevelings vir geloofsgemeenskappe**

(i) Geloofsgemeenskappe kan belangrikke vennootskappe bou met skole en bewaarskole in hoë-risiko omgewings. Geloofsgemeenskappe kan langtermyn betrokke raak deur hul gemeentelede se gawes en talente aan te wend ten einde ’n verskil in die breë gemeenskap te maak. So kan ’n afgetrede onderwyser byvoorbeeld ekstra Wiskunde-klasse aanbied vir leerders wat sukkel met die vak.

(ii) Geloofsgemeenskappe kan ouerskap- en huweliksverrykkingskursusse aanbied vir primêre versorgers in hoë-risiko omgewings, ten einde aan hulle die nodige toerusting te verskaf om ’n positiewe bydrae in hul kinders en adolessente se lewens te maak.

(iii) Geloofsgemeenskappe kan met kinders en adolessente programme doen om hul selfbeeld op te bou sodat hulle nie sal nodig hê om aan bendes te behoort en negatiewe gedrag te gebruik om aanvaar te word nie.

(iv) Geloofsgemeenskappe kan aan leerdes finansieel ondersteun deur hulpverlening in terme van skoolklere, boeke en skoolfonds sodat leerders ’n beter skoolervaring het.

8. **Aanbevelings vir nie-regeringsorganisasies (NRO’s)**

(i) Nie-regeringsorganisasies kan betrokke raak deur armoede aan te spreek en werk te verskaf. Nieregeringsorganisasies kan byvoorbeeld naaimasjiene, materiaal ensovoorts verskaf en werklose moeders en primêre versorgers oplei om naaldwerk te doen en klere reg te maak. So kan daar dan aan hul werk verskaf word wanneer hulle dit suksesvol kan doen.

(ii) Nie-regeringsorganisasies kan berading doen aan kinders en adolessente wat deur trauma en geweld geraak word.

(iii) Daar kan voorsiening gemaak word vir rehabilitasiesentrums vir dwelmgebruikers.

9. **Aanbevelings vir universiteite (Gemeenskapsbetrokkenheid)**

(i) Universiteite kan gemeensakpsdiens deel maak van hul opleidingskurrikulim binne alle vakdissiplines. So kan studente wat IT studeer rekenaarklasse aanbied in hierdie omgewings en Sielkunde-studente kan hulle prakties doen binne hierdie hoë-risiko omgewings.

10. **Gevolgtrekkings**

Suid-Afrikaanse studies toon dat beskermende faktore vir jonges wat blootgestel is aan dorpgebiede ("townships"), gevind kan word in die omgewing, soos effektiewe skole; die persoon, se toewyding om op skool te presteer; en in die familie, soos die praktiese versorging en hulpverlening van die primêre versorgers (Theron, 2007). Praktiese versorging, soos verskaf deur vroeë adolessente se primêre versorgers, is die eerste hekkie wat oorkom moet word sodat skoolbywoning en verdere doelbereiking kan gebeur. Die vertellings van armmoedige bestaan en voortdurende sukkel dui op die noodwendige fokus om te oorleef. Die gebrekkige versorging wat adolessente beleef word met 'n gelatenheid aanvaar en herinner aan Seligman (2011) se aangeleerde hulpeloosheid. Alhoewel die deelnemers nie hul versorgers se ondersteuning as voldoende beleef nie, word die vroeë adolessente se drome en selfverwesenliking sterk gekoppel aan die rykdom van verhoudings en 'n sin van behoort. Hierdie belewings dra die vroeë adolessente en dit kan ook verklaar word in die lig van Brook (2006) dat vroeë adolessente hunker na hul ouers se daaglikse ondersteuning. Hierdie studie toon ook dat wanneer vroeë adolessente hierdie emosionele bemoediging nie van hul primêre versorgers beleef nie, negatiewe emosies soos woede, aggressie en teleurstelling oorheers. Die intense belewing van vrees is gekoppel aan die dreigemente van primêre versorgers – nie biologiese ouers nie – dat hulle die vroeë adolessente sal terugstuur na een van hul biologiese ouers, wat erger ontbering en ontwrigting impliseer. Bangheid en verwerping is ook die emosionele ervaring van vroeë adolessente wat nie welkom is in die huishoudings van 'n biologiese ouer wat 'n nuwe gesin het nie.

Die negatiewe sosiale kwessies wat geïdentifiseer is in onderpresterende skole in die Wes-Kaap, soos armoede en werkloosheid, beklemtoon die voorkoms van disfunksionele huishoudings, wat dikwels gekenmerk word deur onvoldoende ouerbetrokkenheid (Louw, Bayat & Eigelaar-Meets, 2011). Hierdie gebrekkige ouerbetrokkenheid rakende die adolessent se skoolsukses word beïnvloed deur die primêre versorgers se mindere agting vir die intrinsieke waarde van skoolopleiding en opvoeding. Die huidige studie bevestig hierdie ingesteldheid van primêre versorgers en beide die ouers en vroeë adolessente se verstaan van skoolsukses as 'n

blote slaag versus nie-die-graad-herhaal-nie. Dit blyk ook dat toesig en hulpverlening met skooltuiswerk hoofsaaklik gegee word deur die primêre versorgers of ’n familielid as ’n desperate poging om verdere moeilikheid met die skoolomgewing of verdere herhaling van grade te vermy. Dit beteken dat die betrokkenheid van die primêre versorgers grootliks steeds gerig is op die hantering van die “slegte” of probleemkwessies, terwyl die ingesteldheid om doelbewus te belê in hul kinders se skoolloopbaan nog ontwikkel moet word.

Die voortdurende blootstelling aan risikofaktore en ontmagtigende omgewingstoestande soos krotwoonbuurte, die hoë voorkoms van werkloosheid, bendes asook bendegeweld, huisgeweld en substansiemisbruik is die daaglikse belewing van vroeë adolessente in ’n hoë-risiko gemeenskap. Navorsing toon dat pogings om welstand te bevorder inderdaad moontlik is omdat 50% van menslike potensiaal bepaal word deur genetiese faktore, 10% word toegereken aan die omgewing en 40% word deur persoonlike kapasiteit bepaal (Lyubomirsky, 2007). Die moontlikhede van sosiale steun as ’n beskermende faktor vir optimale ontwikkeling en welstand is ’n realistiese kwessie in Suid-Afrika omdat Afrika-mense die gebeginsel van “ubuntu” verstaan (Van Schalkwyk & Wissing, 2013). Verder beklemtoon verskeie studies dat primêre versorgers se volgehoue ondersteuning van groot belang is vir hulle kinders se motivering met betrekking tot skoolbywoning en verbeterde skoolervarings. Hierdie positiewe netwerke is nodig sodat die vroeë adolessent se persoonlike krag versterk kan word om risikogedrag soos tienerafwykings, substansiegebruik en gesondheidsprobleme te weerstaan (Stewart & Sun, 2004). Daar is ook genoem dat die beskrywing van die kenmerke van die huis-en-skool-vennootskappe belangrik is om vroeë adolessente se algehele welstand soos akademiese leeruitkomste, sosiale, emosionele en gedragsbevoeghede binne konteks te verstaan en doelgerig te bevorder.

Hierdie navorsing is onderneem binne die denkraamwerk van die Positiewe Sielkunde om die persepsies van vroeë adolessente te verken. Die lens van dié raamwerk omarm die eerlike identifisering van probleme, asook die raaksien van potensiaal vir persoonlike, verhoudings-en kollektiewe welstand. Dit behels die uitspel van die faktore wat daadwerklik verminder moet word, asook die faktore wat doelbewus vermeerder moet word sodat vroeë adolessente se skool-en-leefsukses kan gebeur. Om die rede is dit belangrik om die huis-en-skoolomgewings ook te leer ken vanuit die perspektief van vroeë adolesssente. Hierdie studie het duidelik getoon dat vroeë adolessente hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap – in ‘n hoë-risiko gemeenskap – nie goed beleef nie. Dié adolesente se beskrywings en verstaan is belangrik om fokus-areas vir verdere navorsing met die oog op gepaste intervensies te bied. Hierdie fokus-areas is die volgende: Voldoende voorsiening in die basiese en daaglikse behoeftes van vroeë adolessente ten einde (fisiologies, psigologies en geestelik) meer as blote oorlewing te verwerklik; die veskaffing van veilige en positiewe emosionele leef-omgewings versus hoofsaaklik negatiewe emosies soos vrese en aggressie;

primêre versorgers en ander familie-lede se daaglikse en gedissiplineerde insette om skoolsukses te beskerm en te bevorder, en, die volgehoue en veerkragtige benutting asook die uitbouing van hulpbronne om die hoë-risiko gemeenskap se uitdagings te oorkom.

Hierdie studie lewer 'n belangrike bydrae tot die Positiewe Sielkunde, aangesien waardevolle inligting verkry is dat vroeë adolessente se welstand binne konteks bestudeer en beskryf moet word. Die verkenning van vroeë adolessente se verstaan van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap bied beskrywings van probleme, en hierdie waardevolle inligting openbaar die potensiaal wat ontgin kan word vir persoonlike-, verhoudings-en kollektiewe welstand. Hierdie potensiaal wat doelgerig ontwikkel moet word dui eerstens op daardie algemene of gewone kwessies soos primêre versorgers wat hul kinders ondersteun, vroeë adolessente wat met die nodige self-doeltreffendheid hul skooltake aanpak, en veilige gemeenskappe wat die nodige dienste bied. Bevindings van hierdie studie het implikasies vir regeringsbeleide rakende welstandsbevordering. En, die toepassingsmoontlikhede dui op die ekologiese aanpak sodat probleemkwessies en die uitbouing van welstand aangespreek kan word deur vennote soos primêre versorgers, skoolgemeenskappe, geloofsgemeenskappe, NRO's, en universteite.

Hierdie studie het duidelik getoon dat vroeë adolessente se beskrywings en verstaan is belangrik om fokusareas vir verdere navorsing met die oog op gepaste intervensies te bied. Hierdie fokusareas is die volgende: Voldoende voorsiening in die basiese en daaglikse behoeftes van vroeë adolessente ten einde fisiologies, psigologies en geestelik te leef versus blote oorlewing; die verskaffing van veilige en positiewe emosionele leefomgewings versus hoofsaaklik negatiewe vrese en aggressie; primêre versorgers en ander familielede se daaglikse en gedissiplineerde insette om skoolsukses te beskerm en te bevorder; en die veerkragtige benutting en uitbouing van hulpbronne om die hoë-risiko gemeenskap se uitdagings te oorkom.

Uiteindelik is die laaste sê die woorde van 'n vroeë adolessent wat die rykdom van primêre versorgers beskryf as "Hulle sal my vashou."

## 11. **Verwysings**


Louw, W., Bayat, A. & Eigelaar-Meets, I. (2011). A report of underperforming secondary schools in the Western Cape. Institute of Social Development. University of the Western Cape, Bellville.

Lyubomirsky, S. (2007). The how of happiness: A scientific approach to getting the life you want. New York: The Penguin Press.

Stewart, D. & Sun, J. (2004). How can we build resilience in primary school aged children? The importance of social support form adults and peers in family, school and community settings. Asia-Pac Journal of Public Health, 16, 37-41.

Theron, L. C. (2007). Uphenyo ngokwazi kwentsha yasemalokishini ukumelana nesimo esinzima: A South African Study of Resillience amongst township youth. Child and adolescent psychiatric clinics of North America. (2007), 16(2), 357-375.DOI:10.1016/J.CHC.2006.12.005

Van Schalkwyk, I., & Wissing, P. (2010). Psychosocial well-being in a group of South African adolescents. Journal of Psychology in Africa, 20(1), 53-60.

## BYLAAG A: TABEL 1 (DEELNEMERS)

| Deelnemer | Primêre versorgers | Geslag, graad en ouderdom | Spesifieke inligting van deelnemer en primêre versorger |
|---|---|---|---|
| **D1** | **Vader** | **Geslag: Manlik**<br>**Graad: sewe**<br>**Ouderdom: Veertien**<br>**Graad nie herhaal** | Moeder is vyf jaar terug oorlede. Die pa betaal die skoolfonds. Die kinds is gereeld in die moeilikheid in verband met dagga. Die vader gaan dan skool toe |
| **D2** | **Ma en ma se vriend** | **Geslag: Vroulik**<br>**Graad: sewe**<br>**Ouderdom: veertien**<br>**Graad herhaal** | Ma se vriend gebruik dwelms en steel van die gesin. Vriend is werkloos. Die ma werks slegs 2 dae 'n week. Die skoolfonds word nie betaal nie. |
| **D3** | **Ouma en oupa** | **Geslag: Vroulik**<br>**Graad ses**<br>**Ouderdom: dertien**<br>**Graad herhaal** | Die ouma en oupa is beide siek, so sy help met die versorging van hulle. Die skoolfonds word nie betaal nie. |
| **D4** | **Tante en ouma** | **Geslag: Vroulik**<br>**Graad : ses**<br>**Ouderdom:Twaalf**<br>**Graad nie herhaal** | Sy help om die ouma te was en versorg (oor naweke). Die tante is ook siek. Haar ouer broer help haar met huiswerk en hy gaan ook na skool vergaderings toe. Die skoolfonds word nie betaal nie. |
| **D5** | **Ma en ouma** | **Geslag: Vroulik**<br>**Graad : sewe**<br>**Ouderdom: veertien**<br>**Graad herhaal** | Die pa woon saam met sy nuwe gesin in Mitchels plain. Die skoolfonds word nie betaal nie. |
| **D6** | **Ma en pa** | **Geslag: Vroulik**<br>**Graad: ses**<br>**Ouderdom: dertien**<br>**Graad herhaal** | Die moeder gaan skooltoe as daar probleme is by die skool. Die skoolfonds word nie betaal nie. |


| Deelnemer | Primêre versorgers | Geslag, graad en ouderdom | Spesifieke inligting van deelnemer en primêre versorger |
|---|---|---|---|
| **D7** | **Ma en ma se vriend** | **Geslag: Vroulik**<br>**Graad: ses**<br>**Ouderdom: Dertien**<br>**Graad herhaal** | Die moeder gaan slegs skool toe as daar moeilikheid is by die skool. Die skoolfonds word nie betaal nie. |
| **D8** | **Ouma** | **Geslag: Manlik**<br>**Graad : ses**<br>**Ouderdom: Dertien**<br>**Graad herhaal** | Die ouma is 'n pensionaris. Hulle lewe in erge armoede. Daar is dae wat hulle nie kos het nie. Sy ouma was al skool toe, toe hy in die moelikheid was omdat hy bakklei het by die skool. Hy woon by sy ouma. (Pa oorlede, ma het weggeloop), Die skoolfonds word nie betaal nie. |
| **D9** | **Ma en pa** | **Geslag: Manlik**<br>**Graad: sewe**<br>**Ouderdom: dertien**<br>**Graad nie herhaal** | Daar is nie 'n baie goeie gesins-verhouding binne hierdie huishouding nie. Die ma gaan skool vergaderings toe. Die skoolfonds word betaal. |
| **D10** | **Stiefma, pa en ouma** | **Geslag: Vroulik**<br>**Graad: ses**<br>**Ouderdom: Twaalf**<br>**Graad nie herhaal** | Daar woon altesaam 10 mense in hierdie huishouding. Die ma is oorlede. Die stiefma gaan skooltoe as daar moeilikheid is as die deelnemer by die skool baklei. Die skoolfonds word betaal. |
| **D11** | **Ma** | **Geslag: Manlik**<br>**Graad : ses**<br>**Ouderdom: Dertien**<br>**Graad nie herhaal** | Die ma en pa baklei baie. Die ma loop gereeld weg in die middel van die nag, dan kom sy na weke weer terug. Die deelnemer het al weggeloop van die huis af. Die pa gaan skool toe as daar probleme is. Die skoolfonds word nie betaal nie. |
| **D12** | **Ma en stiefpa** | **Geslag: Manlik**<br>**Graad sewe**<br>**Ouderdom: Dertien**<br>**Graad nie herhaal** | Die ma gaan na skool vergaderings. Die skoolfonds word nie betaal nie. |

**BYLAAG B: TABEL 2 (BESKRYWING VAN TEMAS)**


| **Tema's** | **Beskrywing** | **Verbatim** |
|---|---|---|
| 1. Algemene versorging as vereiste vir skoolbetrokkenheid | Die voorsienng van basiese behoeftes soos kos, klere en woonplek word verwag sodat vroeë adolessente skool kan bywoon. | ***D8*** *"Daar is miskien nie altyd iets vir ons by die huis om te eet of so nie, aunty. Ons eet miskien in die oggend voor ek skool toe kom, dan drink ek 'n koppie tee. En bietjie pap as daar is. En as ek uit die skool uit kom, brood as daar is aunty";*<br><br>**D12** *"Nou bly hy (pa) ander kant, as ek na hom toe gaan dan jaag hy my weg van sy huis af so juffrou, hy stuur nie vir my geld nie juffrou en al daai goed, ek is nie so much oor hom nie."* |
| 2. Emosionele kleur van huis-en-skool interaksie | Goeie ervarings word hoofsaaklik weergegee as die afwesigheid van negatiewe gebeure. Hierdie kinders leef in vrees om verwyder te word (dreigmente). Lyfstraf en skelwoorde is alledaags in hierdie kinders se lewe. In uitsonderlike gevalle is daar woorde van troos. | **D11"***As my ma-hulle my skel juffrou en ek raak nou kwaad, ek loop net weg juffrou."*<br><br>**D4** *"Dan sal hulle (ouma en tante) vir my sê ek moenie hartseer is nie of ek moenie ongelukkig is nie. Hulle sal my vashou."* |

| **Tema's** | **Beskrywing** | **Verbatim** |
|---|---|---|
| 3. Die aard van primêre versorgers se betrokkenheid by die skool | Die primêre versorgers ervaar nie skoolbesoek as 'n positiewe ervaring nie. Hulle gaan slegs skooltoe as die kind byvoorbeeld in die moeilikheid is.<br>Dit is ook normaal in hieride gemeenskap dat iemand anders as die primêre versorger na skoolvergaderings gaan. | **D1** *"….hulle wou gehet het ek moes saam met hulle dagga rook in die toilet. Toe sê ek vir hulle nee juffrou, toe praat die hoof saam met ons daaroor van die dagga gerokery….Toe kom my pa skool toe juffrou. Toe praat my pa*<br>*saam met die hoof."*<br><br>**D4** *"My broer gaan meetings toe by die skool. My aunty kan nie kom nie want sy's sieklik".* |
| 4. Die hoë-risiko gemeenskap as konteks vir huis-en-skoolkonneksies | Al die deelnemers is al op 'n direkte of indirekte wyse gekonfronteer met roof,moord, bendegeweld en dwelm middels. | **D10** "*Nie so lekker nie…Die guns skietery, hulle't my brother, vir my broer gesteek deur die longe. Hy was in dink twenty, daar in twenties.*<br><br>**D8** *"My uncle is betrokke in gangsterism. Hy het al iemand doodgemaak al. Toe gat hy tronk toe.";* |

## BYLAAG C: VOORBEELDE VAN COLLAGES







[redacted]
Leiden Avenell Primêre Skool.
6.A
[redacted]
Actress Leeanda Reddy says her energetic sons, Zion (left) and Yorke, keep her on her toes. RIGHT: On the beach.
Aandag skenk aan my skool werk skenk.
Skoolfonds Betaal ook.
In my hart se begeerte wil ek hê my gesin moet so wees meer aandag aan hoor kinders. skenk.
Ek wil ook iets in die lewe bekom.
my mamma en Pappa sal so wees.
ek so 'n foon sal het.
en Pappa moet ook tyd het vir sy kinders
Ek wil ook my ma moet so o.s.
my matriek sal draag en so lyk.


VANESSA HUDGENS steel die kollig by die Spring Breakers première in 'n pienk-en-swart Rafael Cennamo-nommer.
When I past my Grade12
MAIN PICTURE: After 18 months in therapy little Reef Carneson can walk, climb and play. LEFT: Last year he was in pain caused by graft-versus-host disease, a condition that attacks the immune system.
2012
When he's big he now what to do or to start
Camel Walk
my mother are despirit for god dad, you can see she prayser and wership him
It was sad to los a school frend as a boy that was Good for you.
Children's are proud to be in school
bas
Depar
Basic
REPU
my mother are reeding her bybel at home
Skenk jou vinl advertensieborde en help SA se skoolkinder

# BYLAAG D: ETIESE ASPEKTE (TOESTEMMING BRIEWE)

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Centre for Child, Youth and Family Studies
Corner of East and College Street
Wellington
7655

Tel: 021 8643593

Dear Dr. Wyngaard

The Centre for Child, Youth and Family studies (Faculty of Health Sciences, North-West University) is currently conducting research on *"Relational wellbeing in South African school communities"*. The purpose of the project is to develop interventions that will enhance the relationships between people in school communities on all the levels of interrelatedness and in the process contribute to the co-construction of enabling school communities (See project brief - Addendum A).

The research is coordinated by Dr. Ansie Kitching, a senior lecturer and educational psychologist at the Centre, in collaboration with five colleagues who act as supervisors for the 25 students involved in the project. Permission to conduct research has been obtained from the ethical committee of the North West University (Potchefstroom Campus).

The ethical clearance number for the project is: NWU-00060-12-S.

I hereby wish to introduce you to LEANDRA CRONJE

Student number: 23309253

The supervisor for this study is DR. IZANETTE VAN SCHALKWYK.

The supervisor can be contacted at 0723677739.

The student requires the permission of the Western Cape Eduacation Department to conduct research in The Delft community, Western Cape Province (Leiden Avenue Primary School). The student's research proposal is attached for your information (See Addendum B).

I will appreciate it if you can consider this request favourably.

Regards,

I van Schalkwyk

**Dr. Izanette van Schalkwyk.**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Sentrum vir kinder, jeug en familie studies
, Youth and Family Studies
Hoek van East en Kollege straat
**Wellington**
7655
Tel: 021 8643593
Fax: 021 8642654

29 Julie 2013

**OUER / VOOG INGELIGTE TOESTEMMING VIR DIE DEELNAME VAN 'N MINDERJARIGE AAN DIE NAVORSINGSPROJEK**

**'n Navorsingsprojek van die Noordwes-Universiteit**

**Titel : "Vroeë adolessente se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid in die skoolgemeenskap"**

Jou kind word hiermee uitgenooi om betrokke te raak by 'n navorsingsprojek van die Noordwes-Universiteit om inligting uit te ruil met betrekking tot Primere versorgers se betrokkenheid in die skoolgemeenskap van die kind. Jou kind sal betrokke wees by die insameling van data in sessies van ongeveer twee ure elk. Tydens hierdie sessies sal jou kind 'n visuele voorstelling van sy of haar persepsie van jou betrokkenheid in die onderwys-en skoolgemeenskap maak in die vorm van collage Hy / sy sal ook deel neem in, in-diepte onderhoude en 'n groep besprekings (d.m.v. die world café metode.) 15 leerders in graad 6 en 7 sal deel neem aan die projek vir vyf agtereenvolgende dae (29ste Julie 2013 tot 2de Augustus 2013).

Daar is geen voorsienbare risiko's of ongemak vir u kind wanneer jy instem om deel te neem aan die studie nie. Die resultate van die studie mag gepubliseer word maar jou kind se naam of enige identifisering van inligting sal nie bekend gemaak word nie. Die Noordwes-Universiteit sal konfidensialiteit van alle rekords, materiaal en opnames handhaaf. Jy sal nie vergoed word vir jou kind se deelname aan die studie nie. As emosionele ontlading nodig is na die voltooiing van die navorsingsprojek sal daar fassiliteite verskaf word hiervoor

Enige vrae wat jy mag he oor hierdie navorsing of jou kind se deelname voor of na jou toestemming, sal beantwoord word deur die navorser van hierdie studie. As ouer / voog, kan jy jou toestemming onttrek vir jou kind se deelname aan die projek en deelname staak op enige tyd van die navorsing proses, sonder straf of verlies van vooroordeel vir jouself of jou kind. Etiese goedkeuring is verkry vir die navorsingsprojek wat deur die Sentrum vir Kinder-, Jeug en Familie Studies (CCYF), Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus aangebied word.

In die ondertekening van hierdie vorm verklaar ek dat ek ingelig is oor die aard van die navorsingsprojek. Ek lees en verstaan dat die bogenoemde inligting wat aan my gegee is. Ek is bewus daarvan dat die resultate van en inligting oor die studie anoniem sal bly. Ek kan op enige stadium, sonder vooroordeel, my toestemming vir my kind om deel te neem in hierdie studie ontrek. In die ondertekening van hierdie toestemming vorm, vrywaar ek die navorser van enige wetlike eise, regte en skuld vergoeding. Ek verklaar dat my kind mag deelneem aan hierdie studie.

______________________________ ____________

Naam van leerder wat deelneem aan navorsing — Datum

____________ ____________ ____________

Naam en van (Ouer / Wettige voog) — Handtekening — Datum

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS
Centre for Child, Youth and Family Studies
Hoek van East and College Straat
Wellington
7655

Tel: 021 864 3593
Fax: 021 864 2654
29 Julie 2013

**LEERDERS SE TOESTEMMING VIR DIE DEELNAME AAN DIE NAVORSING PROJEK**
**('n Navorsingsprojek van die Noordwes-Universiteit)**

**TITEL: "Vroeë adolessente se persepsies van hul primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap"**

*Gelees te word aan kinders onder die ouderdom van 18 jaar.*

Jy word uitgenooi om deel te neem aan 'n projek van die Noordwes-Universiteit wat handel oor die primêre versorgers se betrokkeheid in jou skoolgemeenskap. 'n Projek is 'n groep mense wat saamwerk en gesels om iets nuuts te leer. Voordat ek jou vra om aan te sluit, wil ek eers jou bietjie meer vertel oor ons projek.

Jy sal betrokke wees in besprekings oor hoe jou primêre versorgers betrokke is by jou skool gemeenskap. Jy sal 'n visuele voorstelling gee van hoe jy jou primêre versorgers se betrokkenheid in jou skoolloopbaan deur die maak van collages. Jy sal ook deel neem in onderhoude en die wêreld kafee metode. 15 Leerders in Graad 6 en 7 sal deel te neem aan die projek vir 5 agtereenvolgende dae (vanaf 29 Julie 2013 tot en met die 2 Augustus 2013)

Daar is geen voorsienbare risiko's of ongemak betrokke by die deelname aan die projek nie. Hoewel analise van die versamelde data gegee sal word in 'n navorsingsverslag, sal jou naam nie genoem word nie. Die Noordwes-Universiteit sal handhaaf vertroulikheid van alle rekords, materiaal en opnames. As jy voel jy het nodig om te praat met iemand weens jou deelname aan die projek of na die projek voltooi is, sal ondersteuning beskikbaar gestel word vir hierdie doel. Jy sal nie enigiets ter vergoeding vir jou deelname aan die projek ontvang nie. Jy kan besluit of jy wil om deel te neem in die projek of nie. Jy is nie verplig om deel te neem aan hierdie projek nie.

Die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familie Studies (CCYF), Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus het toestemming om die navorsing te doen. Jou ouers / wettige voogde is ingelig oor die projek en hulle het gesê jy kan deel wees van die projek as jy wil. Jy kan hieroor praat met hulle voordat jy besluit of jy wil om deel te neem in die projek of nie. As jy van plan verander tydens die projek, kan jy onttrek ten enige tyd. Jy kan vra enige vrae oor die projek saambring volgende keer wanneer ek jou skool besoek, of jy kan my enige tyd bel.

Deur jou naam op hierdie bladsy te skryf, beteken dit dat jy graag wil wees in die projek en dat jy weet wat gaan gebeur in die projek.

| ______________________ | ______________________ | ______________ |
|---|---|---|
| Naam en Van (Deelnemer / Leerder) | Handtekening | Datum |
| ______________________ | ______________________ | ______________ |
| Naam en Van (Navorser) | Handtekening | Datum |

# Leiden Avenue

*Primêreskool*
Leiden Avenue / Laan
Leiden
Delft
7100
Tel: (021) 954 2662

*Primary School*
P. O. Box / Posbus 3073
Delft
7102
Principal: Mr R.C.Malgarte
Fax: (021) 954 2667

E-mail: **LEIDENAVENUEPRIMARY@telkomsa.net**


07 November 2013

**TO WHOM IT MAY CONCERN**

Dear Sir / Madam

I the undersigned herewith grant Leandre Cronje permission to administer her research at our institution. Her research topic is: The early adolescence perception of primary care's involvement in the school community in our area, which can be classified as a high risk area.

.Twelve (12) of our learners were identified for the research and it should last for one week between the first and second intervals. The participants in the study will be drawn from our grade six (6) and seven (7) classes. All interviews will be conducted on the school premises in a private office.

This research project will be of great assistance and value to the management and staff of our institution.

Thanking you

R.C.Malgarte
Principal

LEIDEN AVENUE
Primary School/Primêre Skool
P.O. Box 3073 Delft, 7102
Tel:(021) 954 2662
Fax:(021) 954 2667
E-mail: LEIDENAVENUEPRIMARY@ telkomsa.net